

GESKIEDENIS VAN SUID-AFRIKA.

kom dikwels so opvallend ooreen met beskouings en 'n bestaan wat vir ons nie vreemd is nie. Ons sien hulle vir Afrikaners van 'n ouer geslag aan. Een rede hiervan is dat ons volkskarakter meer direk as die van die hedendaagse Nederlanders of ander Wes-Europese volke op 'n sewentiende-eeuse grondslag berus. Die verstywingsproses van die agtiende eeu en die geestelike omwentelinge wat daarop gevolg het, is nie so sterk deur ons voorouers gevoel nie. Hulle het 'n rustiger, en, ons kan sê, natuurliker geestelike ontwikkeling deurgemaak. Vandaar dat ons selfs vandag nog die band, wat ons met ons voorvaders van twee eeue gelede bind, kan voel.

DEEL B.

DIE EERSTE GROOT TREK (1707 — 1779).

Die geskiedenis kan met 'n rivier vergelyk word. Die bergstroom skiet in snelle vaart oor rotse heen, en elke wending van sy loop bring nuwe verrassinge te voorskyn, — hier 'n waterval, daar 'n krans wat loodreg uit sy enge bedding rys! In die dal verander hy sy aanskyn. Langsaam en rustig rol hy voort, 'n eentonige, breë vloed, en drenk die lande op sy walle.

So ook gaan die historiese proses somtyds met duislingwekkende snelheid holderdebolder deur 'n heroiese landskap, waar die een interessante gebeurtenis die ander opvolg, en reusegestaltes die wolke deurboor, — om hom daarna met gestuete vaart oor die vlakke te versprei, waar niks te sien is nie as die prosaïese werksaamhede van gewone sterflinge.

Die mens, altyd gereed om aan wat opval sy aandag te gee, verlustig hom by voorkeur in die bergstroom. Sy ondankbare veragting van die intieme skoonheid van die vrugbare dal mag hom intussen vergewe word, maar as hy die sogenaamde eentonige periodes in die geskiedenis ook wil oorslaan, dan loop hy gevaar om juis dié breë ontwikkeling, wat die grondslag van alle historiese opbou vorm, totaal uit die oog te verloor.

Ons staan voor so 'n periode.

Van 1707 tot 1779 sal die historiese stroom in Suid-Afrika baie breed en stil loop. Ons sal geen groot dramatiese skokke voel nie, en van uitstaande persoonlikhede sal ons nie veel hoor nie. Die hoofdraer van ons ontwikkeling sal wees — die ongekende en ongeërde veeboer, wat agter sy vee aan, die binneland intrek. En tog, in hierdie tydperk, wat oënskynlik so oninteressant en onbelangrik is, het die Afrikaanse volk 'n nasie geword en duidelik sy roeping aanvaar om die grense van sy groot vaderland uit te brei, en so die toekoms van die blanke beskawing in Suid-Afrika te verseker.

HOOFSTUK III.

RUSTIGE ARBEID EN STILLE UITBREIDING (1707—1751).

§ 1. Die Buiteland.

Gedurende die eerste helfte van die agtiende eeu het oorsese gebeurtenisse slegs indirek en in 'n geringe mate die geskiedenis van Suid-Afrika beïnvloed. Waar ons tog ons aandag aan hulle gee, is dit in die eerste plek om die ontwikkeling van die groot beskaafde wêreld daarbuite nie heeltemal uit die oog te verloor nie, maar ook omdat die geskiedenis van ander Europese volke vir baie jare deur dieselfde rustige kalmte gekenmerk word, as wat ons hier sal aantref.

Die groot Europese oorlog tussen Engeland en Frankryk, om van die ander state wat daarby betrokke was te swyg, het in 1701 kort voor die dood van Willem III begin. Koningin Anna, wat van 1702 tot 1714 oor Engeland geregeer het, moes die stryd teen Lodewyk XIV voortsit, en sy het die geluk gehad om in Marlborough 'n geniale veldheer te besit, wat die werk van Willem III kon voltooi. Sy groot oorwinnings by Blenheim (1704), Oudenaarde (1708) en Malplaquet (1709) het die Franse mag geknak, en in 1713 is die Vrede van Utrecht gesluit. Twee jaar later sterf Lodewyk XIV, en Europa, van sy tirannie verlos, vind dit moontlik om vir 'n lang tyd die swaard in die skede te laat rus.

Engeland het baie sterk uit die stryd getree. Gibraltar, Newfoundland en Nova Scotia en ander verowerde gebiede in Noord-Amerika het in sy besit gebly, en deur die Assiento-verdrag met Spanje (1713) het dit die alleenreg verwerf om negerlawe na die Spaanse Kolonies te bring, 'n bedryf wat destyds nie as skandelik beskou is nie en groot winste afgewerp het. In 1707 is die parlement van Skotland, wat sedert die tyd van Jakob I dieselfde vors as Engeland gehad het, met die Engelse parlement verenig, en die Verenigde Koningryk met wydverspreide besittings in Amerika en Indië en met die grootste en magtigste vloot van die wêreld tot sy beskikking, kon 'n kommersiële loopbaan ingaan, wat die van Nederland, selfs in die tyd van sy hoogste bloei, ver sou oortref. Die kon-

RUSTIGE ARBEID EN STILLE UITBREIDING.

stitutionele ontwikkeling het hierdie opgang bevorder. Na die dood van koningin Anna in 1714 het 'n vreemde vorstelike geslag, die Huis van Hannover, die kroon geërf, en die Britse parlement, waarin die handelsbelange sterk verteenwoordig was, het meer en meer die regeringsmag in hande gekry. 'n Eerste Minister, wat met sy Kabinet in baie opsigte die plek van die vors inneem, maak sy verskyning, en Walpole, wat as eerste die nuwe amp beklee het en twintig jaar lank aan die bewind was, het altyd daarop afgestuur om die vrede te bewaar en die materiële welvaart van sy land deur die handel te vermeerder.

In Nederland het die vredesparty, die kommersieelgesinde regentefamilies, ook die mag vir meer as 'n geslag in hande gekry, maar hier was weinig tekens van gesonde ontwikkeling. Die Goue Eeu was verby, en kleingeestige gewinsug en kortsigtige konserwatisme het die ou frisse krag vervang. Die oorlogsvloot is verwaarloos, en ook die groot Oosindiese Kompanjie het langamerhand op die afdraend pad geraak. Hoë diwidente is wel nog jaarliks uitbetaal (van 1713 tot 1722, omtrent 40 % jaarliks, en daarna tot 1770 van 15 % tot 25 %); en die Kompanjie het nog steeds meer gebied in die argipel onder sy direkte beheer gebring (eers in 1755 is die hele Java onderwerp); maar hierdie feite is geen bewyse van 'n werklik gesonde finansieël en politieke toestand nie. Van die Nederlandse en Indiese koste en omset is apart boekgehou, en die verslae van die Kompanjie is nooit deur verteenwoordigers van die aandeelhouders geouditeer nie; niemand het eintlik geweet hoe dit met die finansies van die Kompanjie staan nie; korrupsie het geweldig toegeneem; en die gevaarlike gewoonte om met geleende geld diwidente te betaal het ontstaan. Die Nederlandse uitbreiding in die Ooste was dan ook die gevolg, nie so seer van eie groeikrag nie, as van 'n gebrek aan konkurensie. Die Engelse en Franse, die enigste moontlike mededingers, het hulle tot Voor-Indië en die Asiatiese vasteland beperk, en die Nederlanders met 'n vrye baan in die argipel het die Vrede van Utrecht hartlik verwelkom en alle Europese botsinge probeer vermy.

Die kommersiële en koloniale stryd tussen Engeland en Frankryk het na 1713 vir byna dertig jaar ingesluimer. Laasgenoemde land was uitgeput deur die oorloë van Lodewyk XIV, en die gejuig waarmee sy volk sy dood begroet het, was 'n teken van hulle begeerte om eindelik weer rus te geniet; maar ook hier, nes in Nederland, was dit 'n rus grotendeels sonder gesonde ontwikkeling. Die koninklike absolutisme, wat Richelieu en Masaryn opgebou en Lodewyk XIV tot sy hoogste volmaking gebring het, het onder Lodewyk XV bly voortbestaan,

en Koning, Kerk en Adel het van die arbeid van die onderdrukte boere en burgers 'n weelderige bestaan gevoer.

Teen die jaar 1740 het die Europese vredes-era sy einde bereik. Engeland, wat die Assiento-verdrag gebruik het om 'n groot smokkelhandel met die Spaanse kolonies te drywe, het in 1739 met Spanje daaroor in oorlog geraak. Kort daarna staan 'n groot deel van Europa in vlam. Duitsland was nog altyd in baie aparte state opgesplits, maar twee daarvan, Pruise en Oostenryk, het langsamerhand tot groot Europese moondhede ontwikkel. Hierdie twee state was sterk teen mekaar gekant, o.a. omdat die Duitse keiserskroon, 'n simbool waaraan geen reële mag gekleef het nie, feitlik die erflike besit van die Oostenrykse heersers geword het, en hulle neiging om hulself as die hoofgebieders in Duitsland te beskou versterk het. Pruise wou hom dit nie laat geval nie, en toe in 1740 Frederik die Grote sy vader in Potsdam opvolg, het hy gebruik gemaak van die dood van die keiser in dieselfde jaar om Silesië, 'n Oostenrykse gebied, te verower. Die gevolg was natuurlik 'n oorlog tussen Pruise en Oostenryk. Frankryk en Spanje tree daarin aan die kant van Frederik die Grote, terwyl Engeland en Nederland die Oostenrykers steun. Dit was op slot van sake die ou Engels-Franse konflik wat hier weer ontbrand het, en die stryd op see en in Noord-Amerika en Indië was 'n belangrike onderdeel daarvan.

In Indië het die Engelse en die Franse sedert die begin van die agtiende eeu groot vooruitgang gemaak. Ourangseeb, die laaste groot Indiese keiser, wat uit sy pragtige paleis in Delhi oor die grootste gedeelte van die volkryke skiereiland geregeer het, het in 1707 gesterf, en onder sy swak opvolgers het die provinsies van sy gebied, Bengale in die noorde, Haiderabad in die suide, ens., feitlik onafhanklik geword. Veral die Franse onder 'n bekwame goewerneur, Dupleix, het nou die kuns verstaan om die inheemse vorste teen mekaar uit te speel en so hulle eie invloed uit te brei. Hulle hoofsetels was Pondicherry op die ooskus, Mahe op die weskus en Chandernagar in Bengale. Die Engelse Oosindiese Kompanjie het ook drie belangrike strategiese punte besit, Bombay, Madras en Kalkutta, en dit het, wat skepe en handelsomset betref, sy mededinger ver oortref, maar die Franse politiek was vinniger, en in 1746 is Madras deur admiraal La Bourdonnais verower.

In Noord-Amerika daarenteen het die Engelse die voordeel behaal. Op die oog was die Franse ook hier in die eerste helfte van die agtiende eeu vir die Engelse voor. Hulle kolonisasie het 'n veel groter gebied omvat. Montreal en Quebec was

RUSTIGE ARBEID EN STILLE UITBREIDING.

wel die enigste belangrike bevolkingsentrums, en die Franse koloniste het grotendeels alleen langs die St. Lawrence en sy takke vaste neersittings gevorm, maar Franse sendelinge, handelaars en jagters het die binneland in alle rigtings deurkruis, en 'n ketting van Franse forte langs die Ohio het Louisiana, aan die mond van die Mississippi, met Kanada verbind en die deurtog van die Engelse na die weste afgesny. Daar was egter 'n paar fatale swak punte in die Franse kolonisasie van Amerika. Die toevloei van emigrante uit Frankryk het nooit groot geword nie, omdat die Fransman nie graag verhuis nie en ontevrede elemente, soos die Hugenote, nie meer in Kanada toegelaat is nie. Die getalsterkte van die koloniste het dus betreklik klein gebly, en hulle was dun versprei oor 'n groot oppervlakte. Hulle het daarby geen sweem van selfregering besit nie, want die goewerneur met sy offisiële raadgevers die intendant, die biskop, ens., het onder die gesag van die Franse koning ook hier 'n absolutistiese bewind gevoer, en die verdediging van die land het uiteindelik berus, nie soos in Suid-Afrika by die gevestigde inwoners nie, maar by die afdelings van die koninklike leër wat op strategiese punte in forte gekonsentreer was. Ook van die Indiane kon die Franse weinig hulp verwag. Die Jesuïetiese sendeling het wel met bewonderenswaardige toewyding die Evangelie onder die Rooihuide verkondig, maar die groot Indiaanse stamgroep, die Irokese of Vyf Nasies, wat suid van die Ontariomeer by die bowaters van die Hudsonrivier woonagtig was en hierdie belangrike sleutelteren beheers het, was bitter vyandig-gesind teenoor die Franse.

Die Engelse kolonisasie lewer heeltemal 'n ander beeld op. Van die tyd van Jakob I was die ooskus van Noord-Amerika die toevlugsoord van Puriteine en ander non-konformiste, wat in Engeland aan onderdrukking blootgestel was. Die gevolg was die stigting, onder koninklike oktrooi, van 'n reeks van digbevolkte kolonies. Daar het uiteindelik dertien sulke aparte groepe ontstaan, die belangrikste waarvan Massachusetts met Boston as hoofstad in die noorde, Nu-York in die middel en Virginia in die suide was. Elke kolonie was feitlik 'n onafhanklike republiek met 'n vrygekose wetgewende liggaam. Selfs die goewerneur, wat veronderstel was om die Engelse koning te verteenwoordig, is in sommige kolonies deur volkskeuse benoem. Die uitbreiding het hier baie langsaam gegaan, want die koloniste het 'n egte Europese samelewing op die basis van intensiewe landbou, visvangs, handel en industrie geskep, maar des te sekerder was hulle besitname, waar hulle eindelik in die begin van die agtiende eeu oor die Alleghanyberge begin

trek het, en dit was slegs 'n kwessie van tyd wanneer hulle die dungsaaide forte van die Franse sou oorrompel, en op die groot Hinterland vir die Angelsaksiese ras sou beslag lê.

Wrywing tussen Engelse en Franse in Amerika het vroeg begin, en in dié stryd het die Engelse koloniste van die staanspoor af 'n groot rol gespeel. Die grootste Engelse koloniale oorwinning in die oorlog van 1740-8 is juis deur hulle behaal. In Maart 1745 het Massachusetts en Connecticut 'n leër van 3,500 man oor see gestuur om Louisbourg, 'n groot Franse vesting op Kaap Breton-eiland, aan die mond van die St. Lawrence, te verower. Dit was mense van die slag van Cromwell se Rondekoppe, en hulle leuse was: "Nil desperandum Christo duce," wat ons aan Van Riebeeck se "Met Godt de voorste" herinner. Op 17 Junie moes Louisbourg kapituleer, en 'n ou Puriteinse kapelaan, Moody, het by die aandete as volg gedank: "Good Lord, we have so much to thank Thee for, that time will be too short, and we must leave it to eternity."

By die Vrede van Aken, wat in 1748 die oorlog afgesluit het, is Louisbourg, tot groot teleurstelling van die Engelse Amerikaners, in ruil vir Madras aan die Franse teruggegee.

Dit is wel die moeite werd om daaraan te dink, dat terwyl die Afrikaanse veeboer ons binneland vir die European ontsluit, Engelse en Franse pioniers, in botsing met mekaar, 'n soortgelyke diens aan die beskawing in ander wêrelddele verrig het. Ons sien so met groter duidelikheid dat ons eie geskiedenis, hoe los van alle aanraking met die buiteland dit somtyds skyn te wees, tog altyddeur 'n onderdeel van 'n groter ontwikkelingsproses vorm.

§ 2. Goewerneys en 'n man van Betekenis.

Ons is gewaarsku dat die historiese stroom hom nou oor 'n vlakke, waar weinig berge of selfs koppies sal aangetref word, gaan beweeg. Ons sal die goewerneys van hierdie periode opnoem, nie om aan hulle 'n betekenis te gee wat hulle nie toekom nie, maar veral omdat hulle 'n kronologiese reeks vorm, wat vir verwysingsdoeleindes nuttig kan wees.

Louis van Assenburgh het in 1711 aan siekte beswyk, en vir twee jaar na sy dood het die sekunde, Willem Helot, as goewerneur ageer. In 1714 is Mourits Pasques de Chavonnes, 'n ou militêre offisier wat na die Vrede van Utrecht sy resjiment kwyt was, gestuur om die Kaapse regering te lei. Sy hoofopdrag was om te besuinig, en hy het tot sy dood in 1724 hom sorgvuldig daaraan gewy, maar hy was kalm en vriendelik

en het 'n gevoel gehad vir die belange, nie alleen van Here XVII nie, maar ook van die burgers. Die sekunde, Jan de la Fontaine, het sy plek ingeneem, totdat hy in Februarie 1727 die gesag kon oorhandig aan die nuwe goewerneur, Pieter Gysbert Noodt, wie se skielike dood op 23 April 1729 hom 'n onverdiende berugtheid besorg het. Die legende het naamlik later ontstaan dat Noodt, voor die voltrekking van die doodvonnis aan vier deserteurs, deur een van hulle uitgedaag is om met hom voor die regterstoel van God te verskyn, en dat die geregsdienaars op hulle terugkeer van die galg die goewerneur dood in sy stoel gekry het. Die waarheid is, dat vier belhamels uit veertien soldate wat gedros het, volgens die gebruiklike procedure deur die unanieme besluit van die Raad van Justisie, waarop manne soos Jan de la Fontaine, Hendrik Swellengrebel en Ryk Tulbagh sitting had, tot die dood veroordeel is, dat die vonnis vroeg in die oggend op 23 April 1729 uitgevoer is, en dat die goewerneur die agtermiddag teen vieruur in sy stoel aan 'n hartaanval of soiets gesterf het. Hy was egter bekend as 'n harde, opvlieënde en onsimpatieke man, en waar niemand sy plotselinge einde betreur het nie, is dit begryplik dat die bekende legende onder die omstandighede kon gebore word. Jan de la Fontaine moes weer in die bres spring, eers in 'n agerende kapasiteit, en van 1730 af as goewerneur. In 1737 het hy sy ontslag geneem om sy ouderdom en die aansienlike vermoë, wat hy ondanks 'n klein salaris aan die Kaap vergader het, in Holland te gaan slyt. Sy opvolger was Adriaan van Kervel, wat na 'n goewerneurskap van drie weke oorlede is. Die sekunde, Hendrik Swellengrebel was die aangewese persoon om tydelik die vakature te vul, maar Daniel van den Henghel, die Independenté Fiskaal, het aanspraak op die pos van waarnemende goewerneur gemaak. Die Politieke Raad was gelykop oor die saak verdeel, en die lot het beslis dat die heersugtige fiskaal sy sin sou kry. Here XVII was egter van 'n ander opvatting, en nadat Van den Hengel daarin geslaag het om nog meer onpopulêr onder die burgers te word en die stil Kaapse samelewing selfs deur 'n klein opstandjie verlewendig is, moes hy op hoër bevel in 1739 Swellengrebel as goewerneur erken.

Hendrik Swellengrebel was 'n gebore Afrikaner. Ons het sy vader in die tyd van Willem Adriaan van der Stel ontmoet. Sy moeder was 'n dogter van die bekende ontdekkingsreisiger van die vroeë tyd, Hieronymus Cruse. Sy oudste suster was met Ryk Tulbagh getroud, en die jongste met Francois le Sueur, die Kaapse predikant. Hy het dus in 'n nouer betrekking tot die samelewing hier gestaan as enigeen van sy voor-

gangers. Die stigting van die tweede buitelandse distrik het in sy tyd geval, en sy naam en die van sy vrou, Helena Wilhelmina ten Damme, leef in Swellendam onder ons voort.

'n Man van veel meer betekenis in die geskiedenis van Suid-Afrika as die bogenoemdes, was Van Imhoff, wat in die begin van 1743 op weg na Batavia, om daar die hoë betrekking van goewerneur-generaal te aanvaar, 'n tyd aan die Kaap vercof het.

§ 3. Die Ekonomiese Grondslag van die Kaapse Samelewing.

Met die begin van die agtiende eeu bereik die Kaap 'n nuwe en baie belangrike stadium in sy ekonomiese ontwikkeling. Jan van Riebeeck en sy onmiddellike opvolgers het hulle tevergeefs beywer om die produksie-probleem op te los. Here XVII, wat vir die Kompanjieskepe genoeg aanvullende proviand wou hê en die Kaap kosteloos wou besit, het kolonisasie en emigrasie aangemoedig, en eindelijk onder Simon van der Stel het die produksie die aanvraag gedek. Die Kaap kon genoeg wyn, koring en vleis opbring om in sy eie behoeftes en die van die passerende skepe voorsiening te maak. Die hoofaanleiding van die bewindhebbers om Suid-Afrika te koloniseer het nou opgehou om te bestaan, maar hulle het 'n groot verantwoordelikheid op hulle geneem: om hulle eie kommersiële doeleindes te bereik, het hulle 'n kolonie gestig en uitgebrei wat desnoods ook sonder verdere immigrasie, en uit eie krag, groter sou word en altyd meer en meer sou produseer, — meer eintlik as wat 'n beperkte Kaapse mark sou kon opneem. Die stadium is in die tyd van Willem Adriaan van der Stel skielik bereik. Die produksie-probleem is in 'n afset-probleem verander!

Sou Here XVII die betekenis van hierdie ontwikkeling begryp? Sou hulle die verantwoordelikheid vir die natuurlike uitvloeisels van hulle eie sewentiende-eeuse politiek in die agtiende eeu aanvaar? Sou hulle gereed wees om te erken dat die Kaap nie alleen 'n verversingspos vir hulle skepe was nie? Dit is kensketsend van die verstokte konserwatisme van die eertyds lewenskragtige organisasie, dat die bewindhebbers prinsipiële geweer het om hulle stigting, wat deur hulle eie maatreëls tot 'n kolonie met sy eie ekonomiese lewensvoorwaardes ontwikkel het, as sulks te beskou.

Die agtiende eeu was die versteningstyd in die geskiedenis van die Kompanjie, maar dit was 'n langsame verstenings-proses, en die groot maatskappy het nog lank sy aansien en krediet behou. In die eerste helfte van die eeu vind ons egter reeds tekens genoeg van sy nadelige invloed op ons ontwik-

RUSTIGE ARBEID EN STILLE UITBREIDING.

keling. Aan sy opheffing van die liberale emigrasievoorwaardes wat tot 1706 bestaan het, kan in hierdie verband herinner word, maar dit sou onbillik wees om te veel klem daarop te lê, want na die sluiting van die Vrede van Utrecht het Here XVII verskillende kere 'n begeerte aan die dag gelê om koloniste na Suid-Afrika te stuur. In 1716 b.v. rig hulle die vraag aan die Kaapse regering of blanke arbeiders hier nie die plek van die slawe kon inneem nie. Die antwoord van die Politieke Raad was ontkenning, en Van Imhoff het in 1743 sy groot spyt daaroor uitgedruk dat die slaaf die Afrikaner afkerig van handarbeid gemaak het en tot die vermindering van die blanke immigrasie bygedra het. In 1750 wou Here XVII weer weet, of die Kaap nie meer koloniste kon opneem nie. Die Politieke Raad het die mening van die volksvertegenwoordigers hieroor ingewen. Die antwoord van die heemrade van Stellenbosch was, dat immigrasie nie moes aangemoedig word nie, aangesien die burgers reeds oor die toekoms van hulle kinders besorg was. Die burgerrade was van oordeel dat die land wel 'n groter bevolking kon dra, maar dan moes die hinderlike beperking van die handel deur die Kompanjie ophou en 'n groter produksie deur vrye eksport ekonomies moontlik gemaak word.

Die antwoord van die burgerrade het die kern van die hele ekonomiese kwessie geraak. Immigrasie was op slot van sake afhanklik van die moontlikhede wat 'n nuwe kolonis hier sou aantref om 'n bestaan te maak en vooruit te kom, en die politiek van die Kompanjie was nie bereken om dié moontlikhede uit te brei nie.

Eén terrein van die ekonomiese lewe, nl. die handel, was vir die vryman, so nie totaal gesluit nie, dan tog so met restriksies besaai, dat aan die Kaap eintlik geen plek was nie vir 'n eie inheemse handelselement, die suurdeeg van elke gesonde, beskaafde samelewing. Daar was wel 'n paar gepriviligeerde pagters, maar hulle was teenoor die Kompanjie aan vasgestelde pryse gebind. Afgesien van die wynpagter, wat werklik die monopolie van die drankverkoop besit het, was hulle meer agente van die regering as handelaars. Die koloniste kon b.v. self vleis en graan aan vreemde skepelinge verkoop. Hierdie verkoop sou onder natuurlike omstandighede tot 'n vrye eksporthandel ontwikkel het, maar die Kompanjie het dit nie toegelaat nie. Alle oorsese ekonomiese verkeer moes in sy skepe geskied; aan hierdie deel van sy monopolie het hy nie laat torring nie. Die gevolg hiervan was dat die vreemde skeepvaart vir die Afrikaanse produsent nooit dié betekenis gekry het, wat die ligging van die Kaap moontlik gemaak het nie. Die Kompanjie het

ook die beperkte handel van die koloniste met vreemdelinge aan 'n hinderlike kontrole onderwerp, en as daar gevaar was dat hy vir sy eie gebruik nie genoeg van een of ander artikel sou kry nie, het hy nie gekroom om eenvoudig die verkoop daarvan aan vreemde skepe te verbied nie. In 1723 b.v. was die Kaapse veestapel so deur siektes verminder en het die veepryse op veilinge so gestyg, dat die vleispagter moeite gehad het om sy kontrak na te kom. Here XVII het daarop die verkoop van vleis aan vreemdelinge tydelik gesluit. Dit was 'n noodlottige stap. Die Kaap was reeds om sy hoë pryse onder die vreemde skepelinge berug, iets waarvoor die Kompanjie ook gedeeltelik verantwoordelik was, want hy het teen sulke lae vasgestelde pryse ingekoop, dat die koloniste hulle skade by die Engelsman of Fransman moes gaan inhaal. Die vreemdeling, onseker of hy selfs teen duur geld prowiand sou kry, het nou 'n rede te meer gehad om die Kaap te vermy. Die Engelse het meer en meer van Sint-Helena gebruik gemaak, en die Franse het in 1710 Mouritius, deur die Nederlanders as waardeloos verlaat, beset. Dit is begryplik dat die syfers van die skeepvaart onder sulke omstandighede geen natuurlike toename van die afset-moontlikhede van die Kaap aandui nie. Vóór die Vrede van Utrecht het gemiddeld 67 skepe per jaar die Kaap besoek; na 1714 styg die getal tot 87; tussen 1726 en 1750 is die gemiddelde syfer 75 per jaar.

Die oorlog van 1740 — 48 was baie gunstig vir die Kaapse mark. Die Engelse het verskillende kere met groot vlote Tafelbaaie ingesail. In 1748 het b.v. admiraal Boseowen, op weg na Indië, om Madras weer uit die hande van die Franse te ruk, met 26 skepe 'n hele tyd hier vertoef. Sy leër is op land uitgekamp en geëksersier, — 'n vriendelike tegemoetkoming van die Nederlanders aan hulle bondgenote, wat die Kaapse kolonis goed geld in die sak gebring het. Sulke gelukkige voorvalle het meermale in ons geskiedenis, waarin die onverwagte dikwels die deurslag gee, aan 'n tyd van depressie 'n onvoorsiene end gemaak; maar 'n gesonde ekonomiese ontwikkeling kan nie op so 'n onseker basis berus nie. Dit is trouens sleg vir 'n bevolking om skielik sonder sy toedoen welvend te word en dan weer net so skielik in die ou misère terug te val.

Waar die koloniste dus deur die Kompanjie verhinder geword is om hulle ekonomiese heil by ander te soek, moet ons nagaan wat hyself vir hulle gedoen het. Sedert die tyd van Jan van Riebeeck was daar wel 'n aansienlik vermeerderde Kompanjiesverbruik van Kaapse produkte; van 50 tot 60 Oosindië-

RUSTIGE ARBEID EN STILLE UITBREIDING.

vaarders het jaarliks die Kaap besoek en die garnisoen is tot 500 versterk. Hierdie bestendige afsetterrein was die vaste onderlaag van die Kaapse mark. Die treurigheid is dat dit nie alleen bestendig was nie, maar ook aan dieselfde versteningsproses onderwerp was, wat al die doen en late van die Kompanjie gekenmerk het. Dit was nie vir uitbreiding vatbaar nie.

Wanneer in die behoeftes van die Kaapse regering voorsien was, en die skepe, Nederlandse en vreemde, hulle bekoms gekry het, was daar vir die koloniste nie veel kans oor om van 'n ewentuele surplus ontslae te raak nie. Die Kompanjie het wel probeer om op sy eie skepe 'n uitvoerhandel in graan na Indië en in wyn na Indië en Europa vir die burgers te open, maar dit het hulle nie veel gehelp nie. Die eksport van graan alleen het enigszins fatsoenlike afmetings aangeneem. Van 1706 tot 1725 is gemiddeld tussen vyf- en sesduisend mud koring per jaar na Batavia uitgevoer, en na 1725 styg die syfer somtyds tot seweduisend mud per jaar. Die opening van die Swartland (Malmesbury) was grotendeels verantwoordelik vir die vermeerdering van die graanproduksie. Die wyn-oes het in die eerste helfte van die agtiende eeu tot vierduisend lêers opgelewer, 'n hoeveelheid wat die afsetmoontlikhede oortref het. Die Kaapse wyn het oor die algemeen sy slegte naam behou en kon geen aftrek in die buiteland kry nie. Wat uit die kelders van Constansia gekom het, het egter baie in die smaak geval, en is in Europa en Indië teen goeie pryse verkoop. Die tyd vir 'n uitvoerhandel in vleis het natuurlik nog nie aangebreek nie; stoomskepe met koelkamers sou dit eers moontlik maak; maar die gevaar van oorproduksie was in hierdie geval kleiner. Vars vleis was 'n seer gewilde konsumpsie-artikel onder die skepelinge, en die veeboer kon van sy eie produk desnoods self 'n baie groot gebruik maak. 'n Poging om wolskape aan die Kaap in te voer, en so 'n nuwe eksport-artikel te skep, word in hierdie tyd nie meer aangetref nie. Here XVII het wel in verskillende ander rigtings laat eksperimenteer; hulle het, ongelukkig tevergeefs, b.v. die aanbou van tabak en olywe aanbeveel; maar hulle was blykbaar so teleurgestel met die monsters wol wat nog enkele jare na die vertrek van Willem Adriaan van der Stel, as reste van sy bedrywigheid, van die Kaap gekom het, dat hulle in dié opsig maar tou opgegooi het. Hulle was dan ook tot ver in die agtiende eeu nog altyd besorg oor die vleisproduksie, en die Afrikaanse boer het sy voorliefde vir die inheemse vetsterskaap behou.

Die Kompanjie moet natuurlik nie alleen al die skuld vir die beperktheid van die Kaapse uitvoer kry nie. Vir die slegte

GESKIEDENIS VAN SUID-AFRIKA.

kwaliteit van ons wyn was hy nie verantwoordelik nie, maar ons moet die boere ook nie te veel daarvoor blameer nie. Hulle kon moeilik, sonder wetenskaplike kennis onder nuwe afwykende klimatiese omstandighede, wyn maak wat die toets met die produkte van een van die oudste Europese nywerhede kon deurstaan. Ons moet verder aan die ekonomiese toestand van die wêreld in hierdie tyd dink. Die Ooste was ekonomies onafhanklik en kon die Kaapse koring maklik ontbeer. Europa kon destyds ook nog in sy eie behoefte aan die dinge, wat die boere van Suid-Afrika daarheen kon stuur, voorsien. Die groot handel met die Ooste was juis in artiekels, wat in Europa nie verkrygbaar was nie. Noord-Amerika kon bont en tabak lewer, Suid-Amerika kosbare hout, tropiese produkte en edelmetaal. Waarom sou die Europese handelaar na die Kaap stuur vir wol, koring of wyn? Waarom sou die Kompanjie kosbare ruimte in sy retoerskepe afstaan vir artiekels wat Europa self kon opbring? Vir ivoor daarenteen was daar altyd plek, en ons sal sien dat olifantjagters in hierdie tyd tot diep in Kafferland indring; maar die jag is 'n primitiewe ekonomiese basis. Daarop kan geen beskaafde samelewing ingerig word nie.

Waar die ekonomiese moontlikhede van die Kaap in die agtiende eeu so beperk was, tref egter die geregverdigde verwyf die Kompanjie, dat sy politiek selfs die kansse wat daar was nog kleiner gemaak het. Die grootste ekonomiese vryheid was juis hier dringend noodsaaklik, en die grootste ekonomiese gebondenheid was die reël. Daarnaas het die finansiële administrasie aan groot gebreke mank gegaan.

Die boekhuisstroom van die Kaapse regering, soos trouens die van die hele Kompanjie, was baie eienaardig. Die boekhouer, wat natuurlik 'n lid van die Politieke Raad was, moes eenvoudig, presies asof hy rekenskap van 'n suiwer handelsaak gee, alles wat die regering ontvang as inkomste neerskrywe en alles wat dit uitgee teen die Kolonie debiteer. Dit lyk op die eerste gesig nie onbillik nie, maar die toestand kry 'n ander kleur as ons daarop let dat nie alleen die maand- en rantsoengelde van beamptes, offisiere en garnisoen en die koste van die hospitaal nie, maar selfs die verversings aan die passerende Kompanjieskepe verskaf, op die Kaapse rekening gesit is. Dit spreek vanself dat die staat van inkomste en uitgawes jaarliks 'n groot tekort aangetoon het, en dat Here Meesters hieroor baie ontsteld was. Die gedagte om die Kaapse finansies uit 'n suiwer Suid-Afrikaanse standpunt te beskou het natuurlik nie by hulle opgekom nie; die Kaap was vir die belange van "d'Edele Compagnie" daar; sové het hulle beskouings

RUSTIGE ARBEID EN STILLE UITBREIDING.

gegaan en nie verder nie. Agter die wonderlike geldstelsel, wat orals in hulle besittings aangetref is, sit ook hierdie idee.

Die Kompanjie het twee geldstandaarde daarop nagehou, sogenaamde "ligte" en "swaar" geld. Die stuiwer het dieselfde waarde in Nederland en die kolonies gehad. Dit het, soos ons weet, met die Engelse pennie gelykgestaan. Daar was egter twee soorte guldens. Op die Nederlandse of "swaar" gulden het 20 stuiwers gegaan, terwyl die "Kaapse" of "ligte" gulden teen 16 stuiwers uitgewissel is. Die "ligte" gulden het nie werklik bestaan nie; dit was slegs 'n "boekmunt"; en sy instelling het die voordeel van die Kompanjie beoog. Die idee was nl. dat Here Meesters vir die moeite om geld na die kolonies te stuur daarvan by uitbetalings moes laat aftrek, en om dié rede is die "ligte" geld daar ingevoer. Ons kan nie op die besonderhede van die sisteem ingaan nie. Ons wil alleen sê dat dit ook daartoe bygedra het om aan die Kompanjie, die enigste handelaar in oorsese produkte en artikels aan die Kaap, 'n baie groot wins op sy handelstransaksies, nl. tot 75 %, te besorg. Die koloniale beamptes moes ook by die ontvangs van hulle salarisse, wat in die kolonies op die "ligte" basis bereken was, die minderwaardigheid van die Kaapse gulden betreur; en hulle besoldiging was reeds karig genoeg. Kosgeld bygerek, het die goewerneur oor 'n geoorloofde inkomme van skaars £800 per jaar beskik, en die betaling van die ander beamptes was na dieselfde verhouding. 'n Predikant moes met iets meer as £100 per jaar uitkom! In Indië, waar dieselfde krenterige besoldigingskaal in swang was, kon die beampte sy skade deur die privaathandel vergoed. Aan die Kaap moes hy na ander middels gryp, en die verderflike fooisisteem het hier die weg tot groot misbruike geopen. Die fiskaal b.v., soos ons gesien het, was op 'n vasgestelde breukdeel van die boetes deur hom opgelê of gein, geregtig; en ook die ander beamptes kon van die geld of artikels wat deur hulle hande gaan, vir hulself aftrek. Hulle het hul daarby nie noodsaaklik aan afpersing skuldig gemaak nie, maar waar die lus en die geleentheid is, volg dikwels die daad.

'n Finansiële administrasie wat op so 'n ongesonde basis berus werk irriterend, maar hoef nie noodsaaklik drukkend te wees nie, en dat die Kompanjie die koloniste ondraaglike finansiële laste opgelê het, is nie waar nie. Tot die somme wat die regering by die verpagtings gein het, het hulle indirek bygedra, want die pagstelsel het natuurlik die prys van hulle produkte verminder; maar die wynpag was die enigste werklike monopolie. Die verkoop van ander produkte was betreklik vry.

GESKIEDENIS VAN SUID-AFRIKA.

Die aksyns op wyn, wat in 1714 op één riksdaler, (d.w.s. 3 Kaapse guldens) per lêer gestel is, in 1743 tot drie riksdalers verhoog is, en 'n aansienlike deel van die regeringsinkomste uitgemaak het, was miskien die enigste drukkende las op die boer; en in hierdie geval kan ons duidelik sien hoe die goedgekeurde fooie van die beamptes die aksyns oortref het. Die Kompanjie het teoreties 40 riksdalers per lêer wyn betaal. Die boer het egter slegs 27 riksdalers gekry. Vir die aksyns moes 3 riksdalers afgaan en vir die beamptes 10! Die belangrikste algemene direkte belasting was die "tiendes," leeu- en tiergeld en rekogniesiegeld. In die praktyk veral was hulle nie buitensporig hoog nie. Elke boer moes jaarliks 'n "opgaaf" van sy graanoes en veestapel vir die regering maak; en daarvolgens moes hy die "tiendes" van sy oes afgee en 5 stuiwers vir elke 30 skape of 6 beeste in leeu- en tiergeld betaal. Dit spreek vanself dat die opgaafrolle nie die werklikheid weerspieël het nie. Die koloniste het hulle inkomste en besit ver onderskat, en in die praktyk is die "tiendes" alleen van graan wat na Kaapstad vir verkoop gebring is, gehef. 'n Slegter fiskale stelsel is moeilik denkbaar. Dit was vir die koloniste demoraliserend en vir die regering onvoordelig; maar dit toon weer aan hoe die Kompanjie selfs tot sy eie skade geweier het om aan administratiewe pligte, wat met sy werk as handelsliggaam nie direk in verband gestaan het nie, sy aandag te skenk.

Die rekogniesiegeld is 'n mooi voorbeeld van die gehegtheid van die Kompanjie aan ou vorms. Ons sal ons herinner dat die koloniste van vroeg af verlof gekry het om hulle vee op onbesette grond te laat loop. In die begin van die agtiende eeu neem die getal van die veeposhouders sterk toe, en hulle was nie meer almal, soos vroeër, knegte van besitters van eiendomsplase nie. Baie was selfstandige veeboere, maar sonder grond. Hulle veeposte was hulle plase. Die tyd vir 'n nuwe grondstelsel, waaronder die weiregte van die veeboere deur besit van die grond of andersins duidelik gewaarborg sou wees, het aangebreek. Die Kompanjie het hom egter aan die ou weiverlofstelsel gehou, en het alleen 'n jaarlikse grondhuur in verband daarmee ingevoer. Dit was die rekogniesiegeld, wat in 1714 op een riksdaler per maand of 12 per jaar vasgestel is en in 1743 verdubbel is. Dit het hierop neergekom dat die veeboer sy sogenaamde "leningsplaas," die veepos van vroeër, van die regering teen omtrent £5 per jaar gehuur het. Ons sal weldra sien dat die onwil van die Kompanjie om hom met die werklike administrasie van die land te bemoei, wat vir ons konstitusionele ontwikkeling so belangrik was, ook in hierdie geval meer goed

RUSTIGE ARBEID EN STILLE UITBREIDING.

as kwaad gestig het. Die maklike en goedkoop manier, waarop die veeboere "leningsplase" gekry het, het die uitbreiding in die binneland baie verhaas.

Alles in aanmerking geneem, was die ekonomiese toestand van die koloniste in die eerste helfte van die agtiende eeu nie te sleg nie, maar grotendeels as gevolg van die politiek van die Kompanjie, moes hulle gedurig vrees dat die Kaapse mark nie al hulle produkte sou kon opneem nie, en die pryse wat hulle daar gekry het was ook nie van so 'n aard dat ondernemingslus daardeur sou aangewakker word nie. 'n Natuurlike uitwerking hiervan was 'n beperkte immigrasie. Tussen 1706 en 1750 het die Afrikaanse volk slegs 'n bietjie meer as driehonderd stamvaders gekry. Here XVII kon maklik die vrome wens uitspreek dat die blanke bevolking aan die Kaap behoort versterk te word. Die burgerrade het hulle tereg daarop gewys, dat hulle eie ekonomiese politiek die opname van meer koloniste onmoontlik maak.

Ook hier egter moet ons versigtig wees en die skuld van die Kompanjie nie onbillik vergroot nie. Onder die lyste van nuwe koloniste kom hoe langer hoe meer Duitse name voor, en ons kan daarvan affei dat daar vir Nederland nog altyd geen dringende rede bestaan het om van 'n surplusbevolking ontslae te raak nie. Nederland was te klein en te welvarend om koloniste in groot getalle na nuwe lande te stuur. Buitendien, die nuwe land in hierdie geval was Suid-Afrika, volgens die reisroete meer as 6,000 myl van Europa verwyder en met 'n moeilik toeganklike en droë binneland. Vir die treklustige Europeër was daar 'n veel natuurliker toevlugsoord, skaars 3,000 myl van sy geboorteland af. In Noord-Amerika sou hy dieselfde klimatiese omstandighede aantref, waaraan hy gewend was; 'n bosryke, vrugbare kusstreek, waar hy sy Europese bedryf kon voortsit, en pragtige bevaarbare riviere, wat 'n goed bewaterde binneland ontsluit. Geen wonder dat toe Suid-Afrika nog as 'n "wilt barbaris landt" bekend gestaan het, in Noord-Amerika reeds 'n Nu-Spanje, 'n Nu-Holland (die omgewing van Nu-Amsterdam) 'n Nu-Engeland (die noordelike Engelse kolonies) en 'n Nu-Frankryk gestig was.

Verskillende faktore het dus saamgewerk om die ekonomiese ontwikkeling en bevolkingstoevloei in Suid-Afrika te vertraag. Ons is geneig om dié vertraging alleen te betreur en nie aan sy voordele ook te dink nie. Die kalme agtiende eeu was die tyd, waarin ons volkskarakter sy beslag gekry het. Wie kan sê hoeveel van die rustige krag wat daarin skuil, nie juis te danke is aan die feit, dat in ons nasionale kindertyd die historiese stroom

so langzaam en stil geloop het? En op slot van sake was ons ekonomiese ontwikkeling juis in hierdie tyd tog gesond en natuurlik. Here XVII het aan die Kolonie die eis gestel dat dit selfvoedend en selfonderhoudend moes word,— en wel in die eerste plek deur middel van die landbou. Ons voorouers het hulle lendene omgord en na baie swaarkry die Kaapse mark met landboupprodukte oorstok. Vir landbouers was daar in hierdie kriesis van ons ontwikkeling nie onmiddellik veel meer plek in Suid-Afrika nie. Die kolonisasiegolf slaan egter juis nou oor die berge, en die nuwe element in ons samelewing, die veeboer, tree op;— en hy vind dat hoe meer die ekonomiese omstandighede sy teenwoordigheid hier eis en regverdig, des te beter is die land wat hy intrek, vir sy bedryf geskik. Dit is waarlik moeilik om ons 'n natuurliker ontwikkelingsvolgorde voor te stel. Gelukkig die volk, wat so deur sy land op die pad wat hy vir sy eie beswil moet gaan, gelei word. Kanada, met sy pragtige waterweg het die Franse koloniste van dié intensiewe kusbewoning, wat vir hulle behoud teen Engelse verowering noodsaaklik was, na die binneland toe weggelok. Suid-Afrika was 'n beter moeder vir ons: sy het ons eers die landbou laat beoefen, die gesondste basis van 'n beskaafde samelewing, en toe hierdie fondament goed en sterk gelê was en ons volk 'n vaste en hegte beskawingskern in die boland had, het sy haar poorte oopgemaak en aan die veeboer gesê: Nou mag jy binnekom.

§ 4. Kolonisasie en Uitbreiding.

Die uitbreiding na die binneland het langs drie hoofweë gegaan: oor die Hottentots-Hollandberge langs die Sonderendrivier af; uit die Tulbaghkom langs die Brederivier af; en wes van die berge oor die Bergrivier, deur Vier-en-Twintigriviere, oor die Olifantsrivier na die Hantam toe. In die begin van die agtiende eeu was die laasgenoemde rigting nog altyd die belangrikste. Geen bergwal het hier die pad afgesny nie, en die wynboere van Stellenbosch, Drakenstein en Wamakersvlei (Wellington) met die graanbouers van die Swartland, kon betreklik maklik hulle veesposte na dié kant toe skuive. Die egte veeboer word hier ook langamerhand aangetref, maar dit is belangrik om te weet dat in die westelike kustreek baie blanke knegs, uitgehuurde of gedroste soldate, die eerste veeposhouders was. Hierdie feit verklaar waarskynlik die ontstaan van die aansienlike basterelement in ons bevolking wat vandag nog tussen die Olifantsrivier en die Sakrivier woonagtig is, en na Griekwaland en Rehoboth takke uitgestoot het.

RUSTIGE ARBEID EN STILLE UITBREIDING.

Reeds in die eerste helfte van die agtiende eeu het die noordwestelike uitbreiding, deur die dorheid van Namakwaland gestuit, teenoor die trek na die ooste op die agtergrond getree. Hier was voorlopig geen waterskaarste nie; intendeel, die winterreëns van die westelike boland is deur die vog, waarmee die Suidoos in die somer ons binneland verkwik, aangevul, en die een groot rivier na die ander het die pioniers aangelok. Ver verwyder en afgeskei van Stellenbosch en die Kaap, moes hulle hier ekonomies selfstandige mense wees, en ons vind dan ook dat hulle feitlik almal fatsoenlike koloniste was. Die vreemde blanke awenturier van minder goeie inbors, wat hom op gelyke voet met die kleurling stel, ontbreek wel hier nie totaal nie; hy pas somtyds die vee van die boer op of leer sy kinders lees en skrywe; maar die werklike pioniers was deeglike famielievaders, in wie se kinders die Europese bloed suiwer bewaar is, en wat hulle verwantskap en kulturele samehang met die ouer gevestigde gemeenskap wes en suid van die berge staande gehou het.

Die uitbreiding van die veeboer is baie bevorder deur die feit dat die gebied wat hy ingetrek het grotendeels onbewoond was. Die Hottentots het nooit 'n groot getalsterkte gehad nie, en in 1713 het 'n pokkiesepidemie verwoesting onder hulle versprei. In Kaapstad, waarheen die siekte deur 'n skip gebring was, het byna 'n kwart van die blanke bevolking daaraan gesterf, en waar die burgerrolle van 1712 van 1,939 vrye koloniste melding maak, vind ons dat hulle in 1716, nieteenstaande die snel natuurlike vermeerdering, nog maar op 1,697 staan. Hierdie syfers gee ons slegs 'n flou begrip van die verliese wat die Hottentots moes gely het. Sonder enige besef van verpleging en ook sonder die weerstandsvermoë van die blankes, het hulle soos gras voor die pes-sens geval. Hele krale het uitgesterf, en van die naaste stamme hoor ons nie meer nie. Isolاسie het die Boesmans gered, en teen hulle sou die pioniers vir nog meer as 'n eeu veg, maar die suiwer Hottentots, selfs as arbeiders, tree nie meer as 'n belangrike faktor in ons geskiedenis te voorskyn nie. Voor 1713 het hulle hul teen die oestyd in troppe van honderde by die boere aangemeld. Na die epidemie kom dit minder voor.

In die oop land wat so ontstaan, het die veeboere sonder veel regeringskontrole hulle leningsplase gekry. In die ou besette dele was die boer werklik die besitter van sy plaas; oos van die berge vind ons byna geen teoretiese privaatses aan grond nie. Die onderskeid was egter nie groot nie. Die veeboere was pagters, maar pagters met al die praktiese voorregte sonder

die koste en beslommeringe van werklike grondbesitters. Wie 'n nuwe plaas nodig het, soek 'n punt vir hom uit, gewoonlik naby 'n fontein, waarom heen hy sy vee kan laat loop. Hy doen aansoek by die landdros vir die reg om hom hier te vestig. Kommissarisse word gestuur om vas te stel dat hy nie op die wei-regte van iemand anders inbreuk doen nie. Hy betaal sy rekogniesiegeld, en die plaas is syne. Die grootte daarvan is lang-samerhand beperk tot 'n omgrensing wat in alle rigtings op 'n stap te perd in 'n halfuur van die middelpunt uit bereik word, d.w.s. die leningsplase het 'n oppervlakte van omtrent 3,000 morges elk gehad, maar daar was ook baie wat veel groter was. Die regering kon teoreties te eniger tyd die boer kennis gee dat sy reg op die plaas nie sou hernu word nie, maar solank soos hy sy rekogniesiegeld betaal, was hy in die praktyk so seker van sy grond as die besitter van 'n eiendomsplaas. Die opstal, d.w.s. sy huis, krale, ens., het aan hom behoort, en by onteiening moes hy daarvoor vergoed word. Hy kon die opstal self verkoop en die huurreg op die plaas was as vanself in die koopkontrak ingesluit. Die prys van die opstal het dan ook ongeveer ooreengekom met die markwaarde van die hele leningsplaas, waarvan dit die middelpunt was.

Een ding kon die boer nie met sy leningsplaas doen nie; hy kon dit nie in stukke opsny nie; maar volgens Hollands-Romeinse reg word die ouderlike besit gelykop onder die kinders verdeel. Die gevolg van hierdie teenspraak was 'n verdere vergemakliking van die uitbreidingsproses. Plase het maklik van hand tot hand gegaan, en die strewe van elke seun was om êrens baas op sy eie plaas te wees. Famielieplase, wat van vader op die oudste seun oorgaan, was die uitsondering. 'n Sentimentele verkleefdheid aan die grond waar sy wieg gestaan het, was dus nie 'n kenmerk van die boer nie. Hy was wel geheg aan sy groot vaderland, maar nie noodsaaklik aan 'n bepaalde stukkie daarvan nie. Hy trek maklik en het die ruimte lief.

Toe die bal eers aan die rol was, het dit hoe langer hoe vinniger gegaan. In 1735 reis die goewerneur, Jan de la Fontaine, met 'n geselskap, waaronder ook Ryk Tulbagh was, na Mosselbaai om 'n Kompanjieskip wat daar gestrand het te besoek. Hy tref die boere reeds hier aan; en om dieselfde tyd trek hulle ook reeds die Hantam (Calvinia) in. Baron van Imhoff was in 1743 ontsteld oor die trekklus van die pioniers. Hy was bang dat hulle heeltemal onder die kontrole van die regering sou uitraak en in die binneland sou verwilder. Hy het 'n poging aangewend om hulle vaster aan die grond

RUSTIGE ARBEID EN STILLE UITBREIDING.

te bind. In 1743 is 'n nuwe vorm van grondbesit ingevoer, die lenings-eiendomsplaas. Die huurder van 'n leningsplaas kon teen betaling sy opstal, met 60 morge rondom, in eiendom kry, en die verstandhouding was dat hy sy weiregte op die res van die plaas behou. Van Imhoff se instelling het egter weinig aftrek gekry; daar was geen praktiese voordeel vir die boere aan verbind nie, en hulle het die voorkeur aan die suiwer leningsplaas gegee. In 1744 staan hulle reeds by die Gamtoosrivier. Die regering, onder die indruk van Van Imhoff se waarskuwing, het nou 'n ander plan beraam om die uitbreiding te vertraag. In Januarie 1745 het die koloniste bevel gekry om terug te kom oor die Groot Brakrivier. Sedert die tyd van Jan van Riebeeck het die regering hom nie meer oor grense bekommer nie. Waar die boer ook trek, was Kompanjies-gebied. Nou egter sou die Kolonie na die ooste toe deur die Brakrivier begrens wees. Ook hierdie bevel het niks gehelp nie. Die veeboere het eenvoudig verder en verder getrek, en om die rekogniesiegelde nie te verloor nie, het die Kompanjie met sy gesag agterna gekom.

Die vaste draer van hierdie uitbreiding was die veeboer, maar die veeruiler en die jagter het ook hulle aandeel daaraan gehad. Die veeruil was nog altyd vir die koloniste gesluit, maar na die groot vrekte onder die vee het Jakob van der Heiden, wat destyds die vleeskontrak had, verlof gekry om ruilekspediesies land-in te stuur. In 1723 is die verlof weer teruggetrek, omdat die kerkraad van Drakenstein Van der Heiden se ruilers by die regering aangekla het weens mishandling van die inboorlinge. Die onwettige veeruil het egter aangegaan. In 1738 het 'n aantal blankes 'n handelstog na die Namakwas onderneem. Hulle het 'n kraal op die wal van die Grootrivier bereik en daar 'n maand vertoef. Op die terugtog het hulle vee gebuit, en die Namakwas het by die Kasteel daarvoor kom kla. Die handelaars is toe voor die landdros van Stellenbosch gedaag en beslag is op hulle vee gelê. Dit was juis in die tyd, toe Daniel van den Hengel, die onsimpatieke Fiskaal-Independent, agerende goewerneur was, en aangesien die gedagvaardes vir 'n groot deel die simpatie van die publiek gehad het, wat in die verbode veehandel geen kwaad kon sien nie, en aangesien verder sommige slegs op suspisie van hulle vee ontroof was, het die mense geweier om voor die hof te verskyn.

Onder hierdie omstandighede tree 'n vreemde awenturier op die toneel. Hy was 'n gedroste soldaat, Etienne Barbier, 'n Fransman. Hy het in Maart 1738 van die Kasteel weggehoop

en was woonagtig op die plaas van 'n weduwee Cellier in Drakenstein. Dat hy daar so lank veilig was, openbaar alweer die magteloosheid en apatie van die regering. Hy het die mense opgestook, en dit is opmerklik dat hy juis in die noord-westelike dele, waar daar meer van sy soort was, 'n aanhang gekry het. Op Sondag, 1 Maart 1739, verskyn hy met 'n agtal volgelinge voor die kerk in die Pêrel, net toe die gemeente aan die uitkom was. 'n Stuk deur Barbier self opgestel, waarin die agerende goewerneur en die landdros van tirannie en begunstiging van die Hottentots beskuldig word en die mense aangeraai word om geen belastings te betaal nie, is daar voorgelees en aan die kerkdeur geheg. Die bode van die landdros het die stuk in hande gekry en dit na die fiskaal in Kaapstad gestuur.

Vir die verdere afloop van hierdie klein opstandjie moet ons nou eers teruggaan en sien wat die verhouding van die koloniste tot die inboorlinge op die grense was. Hulle het 'n kroniese stryd teen die Boesmans gevoer, want hulle moes gedurig hulle besit teen die struikrowers verdedig, en die regering, wie se plig dit na regte was, het hulle 'n betreklike vrye hand daarby gelaat. So ontwikkel die kommandostelsel. Die eerste suiwer burgerkommando het in die jaar 1715 sy verskyning gemaak. Die vrou van 'n Drakensteinse boer kla by goewerneur De Chavonnes dat die Boesmans 700 van haar man se skape gesteel en die wagter vermoor het. Die gewese krygsman kon die dame geen militêre hulp aanbied nie, maar hy outoriseer haar bure om die rowers te agtervolg en die gesteelde vee terug te kry. Daarop trek dertig berede burgers, onder 'n kommandant van hulle eie keuse, Hermanus Potgieter, teen die vyand te velde. Hulle het nie daarin geslaag om die Boesmans te agterhaal nie, maar die sisteem, eenmaal onder goedkeuring van die regering in die lewe geroep, sou jaar na jaar beter werk, want die Boesmans het hom nie laat verroes nie. Hulle plundertogte het intendeel in omvang toegeneem. In 1719 verloor Jakob van der Heiden b.v. 700 beeste op sy plaas aan die Sonderendrivier, en selfs die ou bolandse plase aan die voet van die berge was nog baie lank in gevaar.

In 1738 was die Boesmans besonder aktief op die noord-westelike grens. Hulle het verskillende plase by Piketberg en in die Bokveld oorweldig, twee blankes vermoor en baie vee gebuit. Hulle tree egter hier in sulke groot en goed-georganiseerde troppe op, dat ons moet aanneem, dat ons hier nie meer met die suiwer-Boesman alleen te doen het nie. Daar

RUSTIGE ARBEID EN STILLE UITBREIDING.

sal in hierdie verbasteringskol ook wel gedroste slawe, stamlose Hottentots en mengsels van allerhande soorte onder hulle gewees het. Dit is b.v. eenaardig dat een van die rowerkapteins hier Waterboer geheet het, en ons mag aanneem dat hy die voorvader van die latere Griekwa-opperhoof was. Vir 'n grensoorlog op 'n groot skaal, selfs met suiwer burgerkommando's wat alleen van ammuniesie deur die Kompanjie voorsien is, was die regering nie lus nie, en die landdros moes 'n poging aanwend om die aanvallers en die moordenaars met presente tot bedaring te bring. Die ontevredenheid van die koloniste oor hierdie konsiliasie-politiek, die futiliteit waarvan Jan van Riebeeck reeds moes insien, maar wat keer op keer sal aangetref word, het hulle 'n rede te meer gegee om na Barbier se kletspraatjies te luister. Dit was egter juis die voortdurende aanvalle van die Boesmans, wat hulle tot besinning gebring het en hom van hulle ondersteuning beroof het.

In 1739 is eindelijk 'n groot kommando onder die oudburgerraad, Jan Kruywagen, deur die regering opgeroep, en aan al die gedagvaardes en ondersteuners van Barbier, wat onder die wapens daarin tree, is 'n vrye pardon aangebied. Almal het die kans aangegryp om begenadig te word en gelyktydig die grens te suiwer, en Barbier, vir wie daar geen genade was nie, moes hom skuilhou. Hy is eindelijk gevang en in November 1739 is die doodstraf aan hom voltrek. Die krygsoperasies teen die grensrowers het in die tussentyd aangegaan, en in 1740 is 'n verbygaande vrede met hulle gesluit.

Ruiltogte het die blanke pionier tot aan die Grootrivier gebring; jagekspediesies het hom nog veel verder in 'n oostelike rigting gevoer. In 1736 het elf blanke olifantjagters onder Hermanus Hubner met dertien waens en 'n klomp Hottentotbediendes uitgegaan om ivoor te haal. Hulle het deur die land van die Gonakwas oor die Visrivier getrek. Van die voorste Kafferstam, die Kosas onder Palo, wat na die kant van die Keirivier woonagtig was, het hulle op die deurtog geen las gehad nie, en ander jagters en handelaars blykbaar ook nie, want onder die Temboes het hulle nog vier koloniste met ses waens aangetref; maar toe die verenigde geselskap, goed voorsien van ivoor, na 'n besoek aan Pondoland, op die terugreis was, is hulle skielik en sonder die minste aanleiding deur die Kosas aangeval. Hubner en 'n aantal van sy vriende is doodgesteek, die waens is geplunder en verbrand, en slegs sewe blankes het weer met die hulp van die Gonakwas die regterwal van die Visrivier bereik. Alweer dus 'n voorteken van wat die blanke pionier in hierdie rigting en teen hierdie ras

en stam sou moet deurmaak! Die boere kon hulle gerus maar goed teen die Boesmans oefen in die kuns om “die verdedigers van hulle land te wees.” Sonop se kant toe het groot en moeilike werk gewag.

§ 5. Die Kerklike en Konstitusionele Fondament waarop die Uitbreiding berus het.

Kommissaris van Imhoff, en die lang lys van swartsieners wat voor en na hom dieselfde vrees geuiter het, was onnodig oor die toekoms van die pioniers besorg. Die sterk gevoel vir maatskaplike orde en sedelike tug, wat hulle met hulle saamgedra het, die famielieband en die Bybel, wat vir hulle heilig was, sou oneindig sterker teengewigte teen verwildering en verbastering wees as die sterkste wette en besluite van die swak Kaapse regering, of selfs van 'n met mag beklede persoonlikheid, soos Van Imhoff was. Aan hom kom egter die eer toe, dat hy aan die koloniste dié instellings besorg het, waarom hulle self gevra het, nl. meer kerke en skole en 'n addisionele administratiewe sentrum.

Voor 1743 was daar drie kerke (en gemeentes) in die Kolonie: die moederkerk in Kaapstad, wat in 1703 voltooi is, op die plek waar die Groot Kerk vandag staan, en die ander twee in Stellenbosch en die Pêrel. Van Imhoff het na raadpleging met die predikante twee nuwe kerkrade ingestel, met die gevolg dat Swartlandskerk en Roodesandskerk die kulturele middelpunte van die graanboere en die noordelike grensbewoners respektieflik geword het. Die ou name verdwyn later uit die amptelike stukke. Roodesandskerk is in 1804 tot Tulbagh verdoop, en die Swartlandse gemeente is in 1829 met die hoogadellike naam van Malmesbury vereer. Aan elke kerk was 'n skool, onder 'n sieketrooster, verbind. In 1745 is 'n gesamentlike kerkvergadering, waarop die vyf gemeentes deur ouderlinge en predikante, en die regering deur Ryk Tulbagh as politieke kommissaris verteenwoordig was, in Kaapstad gehou om die gemeentelike grense vas te stel. Die noodsaaklikheid van voortgesette samewerking is sterk gevoel, en in die volgende jare het verskeie gekombineerde sittings plaasgevind, maar toe die Kaapse predikante en ouderlinge hulle 'n *Classis* begin noem en ook ander blyke van selfstandigheid aan die dag lê, was die *Classis* van Amsterdam in sy eer gekrenk en het Here XVII geskrik, en in 1759 moes die Politieke Raad die hou van verdere gesamentlike kerkvergaderings belet. Die voorval is tiepies van die beheer waaronder die Kaap gestaan het. Teen lokale selfbestuur was die hoogste outoriteite nie

RUSTIGE ARBEID EN STILLE UITBREIDING.

gekant nie, maar 'n sterk gesamentlike organisasie wat hulle oppergesag en hulle waardigheid in gevaar kon bring, wou hulle nie duld nie.

In die verbygaan moet hier gesê word, dat ook die plaaslike liggame in Suid-Afrika dieselfde onduldsaamheid, in elk geval op kerklike gebied, vertoon het. In 1737 het Georg Schmidt van die Duitse Morawiese sendinggenootskap in Suid-Afrika aangekom. Here XVII het sy doel om die evangelie aan die Hottentots te bring, goedgekeur en hom vrye passasie hierheen verskaf. Die sendeling is vriendelik ontvang, en in Genadendal het hy onder die reste van die Hessekwastam, wat op sy stigting kom woon het, baie goeie werk gedaan. Toe hy egter daartoe wou oorgaan om sy bekeerlinge te doop, is sy bevoegdheid om dit te doen in twyfel getrek, omdat hy nie 'n geordende predikant van die Nederduits-Gereformeerde Kerk was nie. Die Politieke Raad en die plaaslike predikante het saamgestem dat so 'n vergunning aan 'n buitestaander nie darf verleen word nie, en die laasgenoemdes was verder van oordeel, dat die Hottentots nog nie in leer en lewenswandel ver genoeg gevorder was om die doopsakrament te ontvang nie. Van Schmidt is verwag dat hy sy bekeerlinge na 'n gevestigde predikant sou bring, wat dan sy reg om hulle te doop, of dit nie te doen nie, sou uitoefen, en ook die uitdeling van ander sakramente is hom verbied. Onder sulke beperkings kon hy sy werk nie voortsit nie, en in 1744 het hy weer 'n vrye passasie huis-toe aangevra en verkry. Die Kaapse predikante het vir Here XVII versoek om 'n sieketrooster in sy plek te stuur, maar dit het nie gebeur nie, en die verspreiding van die evangelie onder die Hottentots, waarvan reeds in die memorie van Leendert Janszen sprake was, het opgehou. Die slawe en bediendes het egter aan die godsdiensoefeninge van hulle meesters deelgeneem.

Vir die veeboere verder na die ooste toe was Waveren, Drakenstein of Stellenbosch die naaste nagmaals- en doopgeleentheid, en om te trou moes hulle nog verder ry, want die ou reëling dat verlof tot 'n huwelik persoonlik deur elke paar voor die huwelikshof in Kaapstad moes verkry word, het tot die end van die Kompanjie se regeringstyd bly bestaan. Alleen vir die sekulêre administrasie van die oostelike grensbewoners is in hierdie tyd aparte voorsiening gemaak. As 'n onderdeel van goewerneur-generaal Van Imhoff se groot plan om die verste trekkers aan die beskawing vas te bind, is in 1743 'n aantal heemrade vir die bewoners tussen die Breda- en die Groot-Brakriviere benoem. Die idee was eers dat hulle onder

GESKIEDENIS VAN SUID-AFRIKA.

Stellenbosch sou sorteer, en die dubbele ko-opsielys is dus deur die hof van landdros en heemrade van Stellenbosch en Drakenstein opgestel, maar in 1745 is 'n nuwe distrik met sy eie landdros en burgerlike raadgewers geproklameer. Dit het 'n tyd geduur voordat hulle op 'n plek vir die landdroskantoor kon besluit, veral omdat hulle geen pagter van 'n leningsplaas wou wegja nie, maar in 1746 is 'n geskikte punt gekry, en die volgende jaar het die nuwe dorpaanleg en distrik die naam Swellendam gekry. Die grens tussen Stellenbosch en Swellendam was 'n lyn van Soetendalsvlei op die kus by Kaap-Agulhas na die sameloop van die Brede- en Hexriviere en vandaar langs die Hexrivier op. 'n Noordgrens het die Kolonie glad nie gehad nie, en, soos ons weet, was dit ook die feitlike toestand in die ooste.

HOOFSTUK IV.

DIE GEES VAN DIE AGTIENDE EEU.

§ 1. Pruiketyd.

Teen die middel van die agtiende eeu bereik die verstywingsproses, wat ons aan die begin daarvan aangetref het, sy toppunt, en die Wes-Europese kultuur maak dié eienaardige periode deur wat as die Pruiketyd bekend staan. Hierdie verstywingsproses was eintlik 'n afkoelingsproses. Die waaghalse-rige awentuurlus, vurige geloofsywer en hartstogtelike politieke stryd lustigheid van die sestiede en sewentiede eeue was uitgebrand. 'n Groot reaksie teen kragtige ongebondenheid en spontane natuurlikheid het ingetree. Die mense berus nou weer in wat bestaan. Hulle kleef hulle aan konvensies vas. Hulle voel hnl veilig en tevrede onder reëls en regulasies. Hulle skuif die gevoel op die agtergrond en redeneer liever as om te veg; en as hulle oorlog voer, dan gaan dit om stofflike belange en nie meer om idees en innerlike oortuigings nie.

Oppervlakkige sierlikheid en konvensionele gekunstelheid was die grondtoon van die kulturele smaak. Veral die Franse voorbeeld is hier nagestreef. Die Franse taal en letterkunde, wat deur die voorskrifte van die Franse Akademie, 'n stigting van Lodewyk XIV, in 'n elegante keurslyf gepeers is, het onder die hoër kringe van baie Europese lande die eie taal en letterkunde verdring. Frederik die Grote, b.v., het by voorkeur Frans gepraat en in sy biblioteek was alleen Franse boeke. In die sogenaamde fyner beskawing heers 'n hoogskatting van kunsmatige reëls en 'n afkeer van wat vry, natuurlik en oorspronklik was. Die mans, ontevrede met die hare wat die natuur aan hulle gegee het, dra gekrulde pruike, en in keurige lang jasse, kniebroeke, sykouse en vergulde skoene maak hulle met 'n elegante swaai van hulle driekantige hoede en volgens die eise van 'n ingewikkelde etiket die hof aan ewe modieusgeklede dames. Die pragtige, stewige meubels van 'n sterker geslag word vervang deur stoele en tafels met fyn en onnatuurlik geboë pote, rusbanke van dieselfde snit, waarop 'n Cromwell of 'n Ruiter hom erg ongemaklik sou gevoel het, vergulde spieëls en dergelike

elegante produksies meer. Die argitektuur verloor sy eenvoudige kragtige skoonheid, en selfs in die tuine probeer die versierkuns om die natuur te "verbeter": die bome word volgens die voorbeeld van die koninklike tuiniers in Versailles kunsmatig gedwing om allerhande fantastiese vorms aan te neem.

Die beskaafde samelewing heg veel waarde aan uiterlike distinkties. Familiewapens, vroeër 'n adellike onderskeiding, kom nou ook veelvuldig onder vermoënde burgers voor, en wie deur sy posisie of geld 'n trappie hoër staan, laat dit ook graag in die openbaar blyk. Naas 'n beklemtoning van die koue redelikheid was daar dus ook 'n koue konserwatiewe vasklemming aan geykte instellings. In die godsdienste van die hoër kringe heers doodse formaliteit. Die mense aanbid God volgens oorgelewerde voorskrifte, gewoontes en leerstellings, maar hulle doen dit in alle redelikheid, sonder om daarvoor opgewonde te raak, en die dogmas waarvoor martelaars vroeër alles veil had, behou wel hulle uiterlike bindende krag, maar word ook die stof waaraan 'n koue redeneerkuns sy spitsvondigheid beoefen.

In die politiek lei hierdie redelike konserwatisme tot die sogenaamde verligte despotisme. In die meeste Europese lande behou die vorste hulle absolute mag. Selfs in Engeland probeer Georg III, wat in 1760 koning geword het, om met ministers wat sy wil sou uitvoer te regeer. In Nederland tref ons 'n soortgelyke ontwikkeling aan. Na die dood van Willem III in 1702 is die stadhouderlike amp hier voorlopig nie gevul nie, en die stedelike regente, 'n konserwatiewe geslote odigargie, regeer die land, maar in 1747, toe die republiek weer as bondgenoot van Engeland onder Franse invalle gely het, is die stadhouerskap as 'n erflike besit van die Oranjestad herstel, en Willem IV neem met byna koninklike volmag — hy was o.a. ook erflike hoofdirekteur van die Oosindiese Kompanjie — die leiding oor. In Frankryk heers 'n absolutisme, wat ongelukkig selfs nie verlig was nie. Veral 'n hopeloos verouderde belastingstelsel, waaronder die boere die geld moes opring vir die uitspattinge van 'n weelderige hof en adel en vir die onderhoud van 'n gedege-nereerde kerk, het die ekonomiese bestaan van die Franse volk ondermyn en 'n gemoedstoestand geskep waarin kieme van ontevredenheid welig kon ontwikkel. In Pruise daarenteen het die verstandige maatreëls van Frederik die Grote die volkskrag verhoog. Die inheemse nywerhede is aangemoedig en beskerm, en die geniale, ontwikkelde Pruisiese alleenheerser het sonder onderdrukking geld genoeg gehad om sy keurige paleis, Sanssouci, 'n nabootsing van Versailles, op te rig en sy leer tot die beste gedisipleneerde en mees gevreesde landmag van Europa

te maak. Ook in Rusland het die verligte despotisme goeie vrugte afgewerp. Pieter die Grote het hier in 1689 heerser oor 'n halfbarbaarste staat geword en by sy dood in 1725 was Rusland 'n groot Europese moondheid. Wreed soos hy was het hy met onvermoeide ywer aan die opbou van sy volk gewerk. Hy het nuwe kennis uit die buiteland welkom geheet. Hy het self 'n studiereis na Wes-Europa onderneem, en die huisie in Zaan-dam, naby Amsterdam, waar hy as skeepsbouer gewerk het, word nog daar sorgvuldig bewaar. Hy het die administrasie verbeter, en met sy goed georganiseerde leër het hy in 1709 by Poltawa die strydlustige Sweedse koning, Karel XII, verpletterend verslaan. Rusland neem so onder die leiding van 'n verligte despoot 'n oorheersende posisie in Oos-Europa in. Op die Oos-see verrys Sint-Petersburg, die Russiese poort na die weste toe, en in die suide lok Konstantinopel, waar die Turke die deurweg na die Middellandse See afsny, oorloë met die Sultan uit, wat met Pieter die Grote begin, en waarvan ons nog nie die end gesien het nie.

Die absolutisme, wat so orals in Europa weer op die voorgrond tree, en wat van bo af sy wil op die onderdane afpers, het op kommersiële gebied in verskillende lande die vrye ontwikkeling ingekort. Hierdie neiging, 'n voortsetting van die monopolistiese politiek wat die Portugese en hulle opvolgers tot die grondslag van die handel gemaak het, vind ook in Frankryk sy hoogste volmaking. Colbert, die groot minister van Lodewyk XIV, het die sogenaamde merkantilistiese stelsel daar opgebou. Die grondidee daarvan was dat die staat deur regeringskontrole van die hele ekonomiese lewe die rykdom van die land moes vermeerder. Die buitelandse handel moes aan geoktrooierde maatskappye, soos die wat reeds in Engeland en Nederland bestaan het, opgedra word, en die regering moes sy oppergesag oor hulle handhaaf. Die inheemse industrie moes deur hoë invoerregte op oorsese manufakture beskerm word, maar moes ook aan offisiële regulering onderwerp bly. Handel en industrie was volgens die opvatting van die tyd die hoofbronne van 'n land se welvaart, en hulle moes kunsmatig beskerm en gesteun word. Ook die ander lande slaan meer en meer hierdie rigting in. Die Nederlandse Oosindiese Kompanjie klem hom aan sy monopolie vas. Sy Engelse teenhanger volg dieselfde politiek en sluit alle "interlopers" uit. Cromwell se merkantilistiese Nawigasiewette word strenger gehandhaaf, en die Engelse regering probeer om in Ierland en die kolonies die opkoms van industrie te veydel. Hierdie aanhangsels van Engeland moes alleen daartoe dien om

die Engelse industrie van grondstowwe te voorsien en die Engelse fabrikate op te koop.

Ons sal weldra sien dat reeds vroeg in die agtiende eeu van verskillende kante teen hierdie oormaat van kontrolering geprotesteer is. Kragte tree te voorskyn wat aan so 'n onnatuurlike toestand 'n end sou maak, maar tot diep in die derde kwart van die eeu, en in sommige lande selfs nog langer, het veral die regerings hulle nie oor die tekens van 'n nuwe tyd wat op hande was verontrus nie. Die onvrye, konserwatiewe opvattinge word nog gehuldig; die ou versteende instellings en wette bly voortbestaan; die "ancien régime," soos die stelsel in Frankryk genoem is, kom eindelijk orals aan die wankel, maar juis vóór sy doodstryd openbaar hy hom in al sy verstoktheid.

§ 2. Die Engels-Franse Konflik.

Die agtiende eeu, of in elk geval driekwart daarvan, was 'n prosaïese tyd. Ook die oorloë weerspieël hierdie gees. Die regerings gebruik huurtroepe, wat volgens vaste reëls ingedeel, gekleed en geoefen is. Die aanspraak van 'n vorstelike famielie op 'n troon of ander reële belange, wat in vierkant myle of klinkende munt kon gemeet word, gee gewoonlik aanleiding tot botsing. Ook die groot Engels-Franse konflik, wat in hierdie tyd 'n kliemaks bereik, was suiwer ekonomies van oorsprong.

Na die Vrede van Aken in 1748 het Duplex voortgegaan om die Franse invloed onder die Indiese vorste uit te brei. Hy het daarin geslaag om die Nizam van Haiderabad, die belangrikste vors in Suid-Indië, vir die Franse kant te wen, en ook in die Karnatiek, die suidoostelike kustreek, het 'n Fransgesinde nabob met die hulp van Duplex in die hoofstad Arcot aan die bewind gekom. Franse garnisoene is in verskillende stede opgeneem; Franse politieke en handelsagente het 'n vrye veld gekry; en waar Madras in die vorige oorlog reeds tydelik vir die Engelse verlore gegaan het, was die toestand vir hulle in hierdie dele teen die middel van die eeu al weer so onheilspellend, dat 'n Franse opperheerskappy oor die grootste gedeelte van Suid-Indië byna onvermydelik gelyk het. Nou verskyn egter 'n nuwe figuur op die toneel, wat aan die skielike opbloei van die Franse mag in Indië 'n end sou bereik en vir die Engelse 'n oorheersende posisie hier sou besorg. Dit was Robert Clive. As 'n jongeling van skaars agtien jaar, met 'n reputasie as 'n sportsman maar ook as 'n seun wat op skool nie wou deug nie, het hy in 1744 klerk van die Engelse Oosindiese Kompanjie in Madras geword. Sy onrustige, onverskrokke natuur het hom hier ook moeilikhede besorg, en hy was so ontevrede en melankolies dat

hy verskeie kere probeer het om selfmoord te pleeg. Sels die oorlog wat in 1748 teoreties opgehou het, kon hom nie genoeg afleiding verskaf nie, want by die verowering van Madras het hy krygsgevangene van die Franse geword. Dit was die oorlogsjare na die vrede wat hom sy kans gegee het.

Die Engelse kon nie langer met gevoue hande toesien dat Dupleix hulle stelselmatig by die Indiese vorste verdring nie, en 'n troonstryd in die Karnatiek het hulle die geleentheid gebied om ook 'n Engelsgesinde kandidaat vir die troon van Arcot in die veld te sit. Nieteenstaande die Vrede van Aken het die oorlog in Indië dus voortgeduur. In 1751 was Trichinopoli die enigste plek in die Karnatiek wat nog in die besit van Mohamed Ali, die Engelse kandidaat, was, en sy vyand, Sjoenda Sahib, het met 'n groot leër die stad omsingel. Clive lê 'n waaghalsrige plan voor die Engelse bewindvoerders in Madras en word toegelaat om dit te probeer uitvoer. Met 200 Europeërs en 300 Indiërs maak hy 'n aanval op Arcot, die hoofstad van Sjoenda Sahib, en daar die nabob met sy troepe met die beleg van Trichinopoli besig was, kon Clive sonder moeite sy intog in Arcot maak en in die middel daarvan in 'n sterk fort posiesie neem. Sjoenda Sahib, van Trichinopoli teruggedroep, het nieteenstaande sy oorweldigende getalle en Franse steun nie daarin geslaag om sy stad weer uit die hand van Clive te ruk nie. Twee maande lank het die klein garnisoen in die fort die aanvalle afgeslaan, en voor die end van die jaar 1752 was Sjoenda Sahib se mag so geknak dat Clive, wat in die tussentyd 'n geringe versterking uit Madras gekry het, hom in 'n ope veldslag kon verslaan. Die Franse moes in die Karnatiek die veld ruim, en ook in Haiderabad was hulle invloed aan die wankel. Dupleix, wat miskien nog die posiesie kon gered het, is in ongenade teruggedroep.

In Noord-Amerika, nes in Indië, het die jaar 1748 geensins 'n werklike vrede gebring nie. Die wrywing tussen die Engelse koloniste en die Franse, wat hulle uitbreiding na die weste toe met 'n lyn van forte langs die Ohiorivier wou afsny, het intendeel hoe langer hoe groter geword. In Indië was dit die Engelse Oosindiese Kompanjie wat die stryd voortgesit het; in Amerika was dit die selfstandige kolonies; die Engelse regering was dus nie direk daarby betrokke nie; maar die toestand in albei wêrelddele was so gespan, dat die hervatting van die oorlog tussen die twee Europese lande reeds sigbaar was. Die gekose Wetgewende Vergadering van Virginia het in 1753 'n klein miliesiemag onder 'n jong Amerikaner, George Washington, gestuur om die Franse forte op die Ohio te ver-

nietig. Hy het nie daarin geslaag nie, maar in 1754 hou die kolonies, wat hulle selfstandigheid ook teenoor mekaar tevore nie graag wou prysgee nie, 'n kongres om 'n basis van samewerking teen die gemeenskaplike vyand te soek. Die Engelse koloniste in Noord-Amerika het reeds 'n getalsterkte van oor 'n miljoen gehad, terwyl die Frans-Kanadese nog onder die honderdduisend was. As die Engelse kolonies dus 'n hegte bond kon vorm, sou hulle waarskynlik in staat wees om sonder hulp van Engeland die Franse baas te raak. Benjamin Franklin het hierna gestreef, maar die kolonies wou hulle selfs nie deur onderlinge bande laat verbind nie, en sy planne is veryd. Dinwiddie, die goewerneur van Virginia, het nou 'n beroep op die Engelse regering gemaak, en in 1755 is generaal Braddock met 'n paar Britse resjimente gestuur om die Franse uit die Ohiodal te ja.

Intussen rol die oorlogswolke ook oor Europa. Frederik die Grote se posisie was baie onveilig. Rusland en Sweden het die oog op sy oostelike provinsies gehad, en Oostenryk, wat in 'n verbond met Frankryk getree het, wou weer probeer om Silesië terug te kry. In 1756 sluit Engeland en Pruise die Verdrag van Westminster, en Frederik kry die versekering, dat hy in die oorlog, wat nog in dieselfde jaar uitbreek het, op die geldelike steun van sy bongenoot kan reken. Vir Engeland was die militêre genie van die Pruisiese koning 'n groot bate. Sy skitterende oorwinnings oor 'n oormag van vyande, wat hom van alle kante bestook het, het die Engelse des te beter in staat gestel om op hulle eie terreine, op see en in die kolonies, meer bewegingsvryheid te kry; maar dat Engeland in hierdie sewejarige stryd Frankryk as 'n koloniale moondheid so beslissend verslaan het, moet wel in die eerste plek aan die leiding van sy eie groot oorlogsminister, William Pitt, toegeskrywe word. Hy was een van die beste redenaars wat die Britse parlement ooit geken het, en hy het die vermoë besit om selfs in 'n prosaïese tyd sy volk tot geesdriftige kraginspanning aan te spoor. Hy het tewens die kuns verstaan, nie alleen om groot planne te ontwerp nie, maar ook om die regte mense te kies om hulle uit te voer.

Pitt het aan die eenkant die groot bondgenoot in Duitsland ruimskots van geld voorsien en aan die anderkant alles voorberei vir die verwesenliking van sy enddoel, — die verowering van Kanada. Die Britse vloot is versterk en het sy ou roem skitterend gehandhaaf. Aansienlike troepemassas kon in veiligheid van Engeland na Amerika getransporteer word, terwyl die Franse in Kanada hoe langer hoe meer die steun

DIE GEES VAN DIE AGTIENDE EEU.

van die moederland moes ontbeer. In 1758 het Louisburg geval, en in die volgende jaar is Quebec verower. Wolfe, wat die Engelse aanval op die hoofstad van Kanada gelei het, en wat deur sy oorwinning 'n end gemaak het aan die Franse heerskappy in Noord-Amerika, was deur Pitt met die taak belas. Hy was slegs een-en-dertig jaar oud, maar Pitt het sy man geken. Die jong generaal het met geniale krygstalent die sleutel van die posiesie raakgesien. In 'n donker nag het hy sy troepe, wat in skepe tot voor Quebec gebring is, aan wal gesit en langs 'n steil krans na 'n hoogte bokant die stad gevoer. Die volgende oggend het die Franse onder Montcalm hulle hier aangeval, en in die slag wat gevolg het, het die hoofaanvoerdere aan albei kante gesneuwel, maar Wolfe kon nog voor sy dood die versekering koester, dat sy werk voltooi was, en dat hy Kanada vir sy volk gewen het.

In Indië, meer nog as in Amerika, het die oorlogsverklaring slegs offisiële sanksie verleen aan 'n stryd wat reeds ontbrand was, maar die Engelse regering het hier nie so direk ingegryp nie. Die Oosindiese Kompanjie was sterk genoeg om die Franse mag in die Ooste te knak. Clive se sukses in die Karnatiek het sy aansien so laat styg, dat die leiding groten-deels in sy hande oorgegaan het, en hy is in 1758 tot goewerneur van Kalkutta benoem. Hy het intussen in Noord-Indië nog groter roem verwerf. Tydens sy afwesigheid op verlof in Engeland het Soerajah Doulah, die nabob van Bengale, die Engelse handelspos op die Ganges oorrumpel en by die geleentheid het die ontsettende treurspel van die "Black Hole of Calcutta" plaasgevind. Die wrede Bengaalse vors het 146 Engelse gevangenes in 'n tronksel van twintig voet in die vierkant en met twee klein luggaatjies opgesluit, en toe die somernag verby was, en die tronkdeur weer oopgemaak is, was slegs 23 nog in die lewe. By sy terugkeer het Clive hierdie gruweldaad gewreek en gelyktydig die Engelse oppermag in Bengale verseker. Met 1,000 blanke en 2,000 Indiese troepe en ag kanonne het hy in 1757 by Plassey die leër van Soerajah Doulah, 50,000 man met 50 kanonne, verras en op die vlug geja. 'n Engelsgesinde nabob het die plek van die ontroonde wreedaard ingeneem, en die skatte van een van die oudste en rykste kultuurgebiede, die dal van die Ganges, het in die kas van die Engelse Kompanjie en die sakke van sy beamptes gevloei. Die dae van die Groot Mogul wat in Delhi, die ou keiserlike hoofstad, nog met oosterse prag en praal op die luister en rykdom van groter voorgangers geteer het, was ook reeds getel. Die Engelse uitbreiding oor Indië sou nie meer gestuit

G

word nie. Al die Franse poste was teen die jaar 1761 verower, en van Madras, Bombay en Kalkutta uit sou stap vir stap die hele gebied suid van die Himalajagebergte onder Britse beheer gebring word.

Toe Georg III in 1760 koning van Engeland geword het, moes Pitt spoedig wyk. Die jong vors wou self regeer, en jaloers op die roem en mag van sy groot minister, het hy hom gedwing om in 1761 te bedank. Gelukkig vir Engeland was Pitt se werk reeds grotendeels afgedaan. Al die Franse kolonies was verower, en die Britse vloot, tot 120 slagskepe aangegroei en beman met 70,000 geharde matrose onder die leiding van geoefende admiraals soos Boscowen en Hawke, kon ook na die intree van Spanje in die oorlog aan die Franse kant, die Spaanse Wesindiese eilande en die Filippyne sonder veel moeite in besit neem. Frederik die Grote, getrou deur Pitt gesteun, het nog altyd sterk gestaan, en die dood van Elisabeth, die keiserin van Rusland, het hom van sy gevaarlikste vyandin verlos en die vrede met dié land ingelei. Georg III het egter nog daarin geslaag om veel van wat Pitt tot stand gebring het te verbrou. Hy het die subsidies aan Frederik gestaak en hom teen Engeland verbitter, en by die Vrede van Parys, waarmee in 1763 die Sewejarige Oorlog sy afsluiting gevind het, het die onbevoegde Engelse minister, Bute, nie vir sy land dié voordele behou, wat uit die oorwinnings deur Pitt georganiseer kon gevloei het nie. Frankryk en Spanje het 'n groot deel van hulle oorsese besittings teruggekry. Kanada het egter Brits gebly, en in Indië is die Franse, ofskoon Bute swak genoeg was om hulle handelsposte aan hul terug te besorg, vergoed deur die Engelse in die skaduwee gestel.

Nederland het nie aan hierdie groot stryd deelgeneem nie. Konserwatiewe versigtigheid was die grondtoon van sy politiek, maar sy aansien en mag is nie deur sy neutraliteit verhoog nie. Die oorsese handel, nog altyd die bronaar van sy ekonomiese lewe, het onder die oorlog gely, en Engeland se beheer van die see het daartoe bygedra om aan die eilandryk so 'n geweldige kommersiële voorsprong te gee, dat die republiek nie slegs as 'n politieke faktor nie, maar ook as 'n handelsland meer en meer op die agtergrond tree. Die Nederlandse Oosindiese Kompanjie het wel nog sy naam as 'n magtige liggaam behou, maar die tyd nader wanneer sy werklike swakheid skielik geopenbaar sou word. Die Kompanjie gee obligasies uit (d.w.s. leen geld) om die jaarlikse diwidente, wat eindelik op 12½ % bly staan, en die rente op sy skuld te betaal en sy verliese te dek. In die tussentyd neem korrupsie

DIE GEES VAN DIE AGTIENDE EEU.

geweldig die oorhand, en die beamptes verryk hulle deur ekstra-fooie en privaathandel. Vir Suid-Afrika egter was die derde kwart van die agtiende eeu 'n periode, waarin 'n uitstekende regering en 'n pragtige mark tevredenheid en welvaart onder die koloniste bring.

HOOFSTUK V.

DIE DERDE KWART VAN DIE AGTIENDE EEU IN SUID-AFRIKA.

§ 1. 'n Goeie Goewerneur.

Die naam van Ryk Tulbagh word tereg nog altyd in Suid-Afrika geëer. Hy was een van die beste goewerneurs wat ooit hier aan die bewind van sake gestaan het, en die herinnering aan sy regeringstyd het lank onder die koloniste voortgeleef. Meer as dertig jaar na sy dood, toe 'n nuwe distrik moes ingerig word, het generaal Janssens uitdrukking gegee aan hulle blywende erkentelikheid en sy eie bewondering van 'n groot voorganger deur dit Tulbagh te noem.

Ryk Tulbagh is in 1699 in Utrecht gebore. In 1716 het hy na die Kaap gekom en 'n ondergeskikte betrekking as klerk in die diens van die Kompanjie gekry. Deur sy aangename en deeglike karakter, sy getroue pligsvervulling en sy ywer om hom deur studie en toewyding altyd beter vir sy werk voor te berei, het hy die agting van almal, met wie hy in aanraking gekom het, afgedwing en langsamerhand van sport tot sport in die diens opgeklim. In 1725 word hy sekretaris van die Politieke Raad, kort daarn ook stemgeregtigde lid van dié liggaam, asook van die Raad van Justiesie. In 1732 is hy met die titel koopman vereer, en in 1739 by sy benoeming tot sekunde en voorsitter van die Raad van Justiesie, styg hy tot die rang van opperkoopman. Hy is met 'n suster van Hendrik Swellengrebel getroud, en in 1751 het hy sy swaer as goewerneur opgevolg. Tot sy dood in 1771 het hy dié amp hier gevul, en in die twintig jare van sy regeringstyd het hy sy stempel op die hele administrasie afgedruk.

Nes die goewerneur self moes sy ondergeskiktes tevrede wees met hulle salarisse en die duidelik vasgestelde aanvullings daarvan. Amptelike onderdrukking en afpersing en oneerlike praktyke is tot 'n mienimum afgebring, en die koloniste het gevind dat Ryk Tulbagh, terwyl hy van hulle verwag het dat hulle hulle pligte teenoor die regering moes nakom, toeganklik

en vriendelik was en 'n ope oor vir hulle moeilikhede en besware had. Sy menslikheid het ook uit sy behandeling van sy slawe geblyk. Hulle het almal met sy dood hulle vryheid gekry, en in sy testament is vir die onderhoud van die ou afgeleefdes onder hulle voorsiening gemaak.

§ 2. Reëls en Regulasies.

Ryk Tulbagh kon deurgaans as die Kaapse verteenwoordiger van die welwillende en verligte despote. Hy was wel nie alleen verantwoordelik vir die veelheid van reëls en regulasies wat in sy tyd hier aangetref word nie, maar hy was genoeg kind van sy tyd om aan hulle noodsaaklikheid te glo. Sy regering was suiwer, redelik en humaan, maar liberaal in die moderne betekenis van die woord was dit nie.

Die sogenaamde Praalwette wat in 1755 aan die Kaap ingevoer is, was tiepies van die gees van die eeu. Hulle het die vryheid van die individu op 'n vir ons skokkende wyse aangeskiet en ingekort, maar 'n geslag wat aan die nuttigheid van staatskontrolering om allerhande gebiede geglo het, kon aan hulle heilsame uitwerking nie twyfel nie. Klagtes oor die weelderige lewe in die oorsese gebiede van die Kompanjie het die direkteure daartoe beweeg om wette neer te lê, waarvolgens in Indië en Suid-Afrika die openbare maatskaplike lewe moes ingerig word. Alleen die goewerneur mog in 'n vergulde koets ry; alleen lede van die Politieke Raad sou die voorreg geniet om hulle diensbodes in livrei te klee; alleen dames uit die hoër kringe was geregtig om met groot sambrele op straat te verskyn, ens., ens. Vir alles en nog wat was daar regulasies, miskien tereg, want agter hierdie bepalings sien ons juis die neiging, van die stedelinge in elk geval, om aan uiterlike vertoon waarde te heg, maar nog duideliker tree hieruit te voorskyn die wil van die outoriteite om die samelewing aan bande te lê en geekte rangverskille te handhaaf.

Dit was te betreur dat die Kompanjie die koloniste nie ewe duidelik ingelig het omtrent hulle regterlike en konstitusionele posiesie nie. Daar was wel op hierdie gebiede ook 'n oorvloed van wette en bepalings: die Kaapse regsisteesem, op die Hollands-Romeinse reg van Nederland gebaseer, was wel in die plakkate van die Hoë Regering in Batavia en die Kaapse Politieke Raad en in die bevels van Here XVII en hulle kommissarisse uiteengesit; maar watter Kaapse burger kon 'n oorsig oor dit alles hê? Geen wonder dat die koloniste later, blootgestel soos hulle was aan wette, die bestaan van sommige waarvan die fisikaal selfs nie meer vermoed het nie, om verduideliking gesmeek het.

Die slawe het minder rede gehad om oor 'n onduidelike regsposiesie te kla, maar des te meer rede om oor hulle helder omskrewe lot, as hulle verbrou, te sidder. In 1754 is 'n kodifikasie van die slawewette gepubliseer. Swaar lyfstrawwe kom dikwels daarin voor, en die doodvonnis is maklik aan hulle voltrek. 'n Slaaf wat sy hand teen sy meester optel of in 'n kerkhof tydens 'n begrafnis indring, moes b.v. daarvoor sy lewe inskiet. Ons moet egter onthou dat ons ons nog in die agtiende eeu bevind. Orals in die beskaafde wêreld was die kriminele reg nog baie wreed en hard, en in Engeland is tot in die middel van die neëntiende eeu mense vir betreklike klein diefstalle met die dood gestraf. Die foltertuie het ook nie in onbruik geraak nie. Aan die Kaap is hulle gewoonlik alleen aangewend om 'n tot die dood veroordeelde persoon tot die bekennings van sy misdaad te dwing; die doodstraf kon nl. nie sonder so 'n bekenenis voltrek word nie.

§ 3. Ekonomiese Bloei.

Ryk Tulbagh het met 'n vaderlike oog oor die belange van die koloniste gewaak. Hy het hulle nie alleen teen onbillike behandeling van die kant van die beamptes in beskerming geneem nie; hy het ook 'n voorstel van Here XVII om 'n uitvoerbelasting op Kaapse produkte te hef, wat natuurlik die afsetmoontlikheid nog meer sou beperk het, sterk afgekeur en veryd. Dat sy regeringstyd 'n periode van welvaart was, moet egter in die eerste plek toegeskryf word aan omstandighede en gebeurtenisse, waarvoor hy hoegenaamd nie verantwoordelik was nie. Dit kon selfs beweer word dat die roem wat hy onder die burgers en hulle afstammeling verwerf het, grotendeels die uitvloeisels was, nie soseer van sy werklike verdienste nie, as van 'n ekonomiese opbloei wat in geen verband tot enige maatreël, deur hom of sy raad getref, gestaan het nie.

Vir 'n geruime aantal jare na 1751 was die ekonomiese posiesie aan die Kaap baie onbevredigend. Veral die wynboere het dit swaar gekry. Na 1755 het die Kompanjie, in plaas van oor die 500 lêers wyn per jaar soos voorheen, skaars die helfte van dié hoeveelheid na Batavia vervoer. Besuiniging en die slegte kwaliteit van die Kaapse wyn het Here Meesters tot hierdie inkrimping beweeg. Oorproduksie was weer die onvermydelike gevolg, want die getal vreemde skepe het ongelukkig nie toegeneem nie; en in 1757 en 1758 was bankrotskappe onder die wynboere aan die orde van die dag. Dit was die Sewejarige Oorlog wat die redding gebring het. Die Engels-Franse konflik

in Indië het die vreemde skeepverkeer sterk laat toeneem. Ons moet daaraan dink dat die pad na en van Indië, waar twee groot moondhede vir die besit van 'n keiserryk aan die veg was, om die Kaap gegaan het. Clive, die held van Arcot en Plassey, het verskeie kere in Kaapstad 'n aangename rustyd verslyt, en sy manskappe kon uit hulle deel van die oosterse skatte die buitensporige pryse wat die Kapenaars geëis het maklik betaal.

Teen die end van die jaar 1758, juis toe die finansiële depressie weer die laagwatermerk bereik het, seil 'n groot Franse vloot met 'n leër aan boord die Tafelbaai in; Engelse skepe verskyn ook; en binne kort was die Kaapse produkte teen hoë pryse aan die vreemdelinge verkoop. Selfs die wynsurplus het verdwyn. Vir 'n hele reeks jare kon die koloniste nie genoeg vleis, graan, wyn, ens., produseer om die gretige aanbiedinge te bevredig nie. Engelse agente uit Sint-Helena en Franse uit Mouritius het mekaar by die veilings opgeja, en die pryse het so gestyg dat die Kompanjie in sy eie behoeftes nie meer kon voorsien nie. Daar was natuurlik raad voor, en in 1762 is 'n plakkaat uitgevaardig wat die verkoop van wyn aan vreemdelinge tydelik verbied het.

Na 1763 was die goue tyd weer verby, en 'n depressie, wat hoe langer hoe ernstiger geword het en tot 'n krisis in ons geskiedenis sou lei, tree weer in. Sy nadeligste uitwerking is egter eers na die dood van Ryk Tulbagh gevoel.

So gaan ons ekonomiese ontwikkeling dan sy slingerang. 'n Rustige, gesonde ontwikkeling was onmoontlik, veral omdat die afset onseker en van buitelandse, onkontroleerbare faktore afhanklik was.

§ 4. Die Binneland.

Die verstywende invloed van die Europese tydgees het in Suid-Afrika nie veel verder as Kaapstad gegaan nie. Hier tref ons wel aan, en hoe langer hoe meer, dié neiging om alles, ook die sosiale lewe, volgens 'n skema te reguleer, dié vasklemming aan geykte instellings en dié strewe na elegante sierlikheid, wat in die ou stamlande die botoon gevoer het. Die groot gros van die landelike bevolking daarenteen het op die natuurliker grondslag van die sewentiende eeu bly voortlewe; en waar die landbouers van die boland, in hulle statige woonhuise wat lang-samerhand as gevolg van die toenemende welvaart ontstaan, ock iets van die vreemde verfyning invoer, en hulle by die verkoop van hulle produkte baie direk afhanklik voel van die gebeurtenisse in Europa en Indië, was dit grotendeels inheemse faktore wat die veeboere op die grense in hulle ontwikkeling gehelp of gehinder het.

GESKIEDENIS VAN SUID-AFRIKA.

Hierdie eenvoudige grenspioniers verdien ons besondere aandag. Hulle was op slot van sake die hoofdraers van ons historiese ontwikkeling. Hulle het voortgegaan met hulle roeping om die binneland vir die blankes in beslag te neem, en juis in hierdie tyd voltooi hulle die eerste groot trap van die uitbreidingsproses. Op die walle van die Visrivier ontmoet hulle die Bantoe! Dit het egter eers teen die end van die periode nou onder behandeling gebeur. In die derde kwart van die agtiende eeu was die natuurlike, met wie die koloniste gedurig in aanraking gekom het, nog altyd alleen die Hottentots en die Boesmans, en hulle verhouding tot dié twee rasse was soos vroeër aangedui.

Die Hottentots het hulle nie teen die uitbreiding van die beskawing versit nie. Hulle getalle is in 1755 nog verder verminder deur 'n tweede groot pokkiesepidemie. Die sensus van die jare 1754 en 1756 toon aan hoe groot die verwoesting onder die blankes en hulle slawe moes gewees het. In 1754 was daar 5,510 blanke koloniste en 6,279 slawe; die respektiewe syfers vir 1756 is 5,123 en 5,787. As ons nou daaraan dink dat die Hottentots weer onder hierdie pes veel swaarder gely het, en dat die siekte hom oor al die bekende stamme uitgebrei het, dan kan ons enigsins vermoed, hoe groot die sterfte onder hulle moes gewees het. Die veeboere vind dus die wêreld vóór hulle oop, en hulle trek dieper en dieper die land in. In 1769 rapporteer 'n kommissie bestaande uit die landdroste van Swellendam en Graaff-Reinet, elk met twee van sy heemrade, wat die grens tussen die twee distrikte moes vasstel, dat hulle boere met groot veetroppe tussen die Gamtoos- en Visrivier aangetref het. Die Kaapse regering kon die trek nie stuit nie, en om die pioniers onder sy gesag te hou en die jaarlikse rekogniesiegeld op die nuwe grensplase nie totaal kwyt te wees nie, het die Politieke Raad in Februarie 1771 'n nuwe oostelike grenslyn, Bruintjieshoogte en die Gamtoosrivier, geproklameer, en 'n bevel is uitgevaardig dat die boere wat oor die lyn getrek het, moes terugkom. Dit spreek egter van self dat hulle hul nie erg aan so 'n besluit van 'n magtelose regering gesteur het nie. In Junie 1771 vestig Willem Prinsloo hom by die Bosberg (vandag Somerset-Oos) en baie boere volg hom oor die hele lyn.

Met die Boesmans het die binnelandse koloniste 'n kroniese stryd gevoer. Van tyd tot tyd as die diewery en moordaanvalle van die ontombare struikrowers te erg geword het, is kommando's teen hulle gestuur. So lees ons van 'n groot kommando onder David van der Merwe wat in 1758 in die Rôeveld heelwat Boesmans doodgeskiet en 'n groot aantal van die ge-

DERDE KWART VAN DIE AGTIENDE EEU.

roofde vee teruggekry het, en in 1770 het Adriaan van Jaarsveld, met dieselfde energie wat hy later teen die Kaffers sou openbaar, 'n strafekspediesie teen die Boesmans van die noordoostelike grens (Beaufort-Wes, Murraysburg) gelei. Die geskiedenis van hierdie operasies lewer veel op wat die moderne humane gevoel skok. Die Boesmans is somtyds by hope doodgeskiet, en hulle kinders is by die boere ingeboek. Dit betaam ons, wat veëlig woon in 'n land wat deur die veeboer-pionier vir ons skoongemaak is, egter nie om die hande in vrome verontwaardiging op te steek nie. Vir die Boesman was daar geen plek in 'n beskaafde samelewing nie, en deur die noodgedwing, het die veeboer hom vóór hom uitgedrywe of uitgedelg en 'n poging aangewend om sy kinders aan die eise van 'n hoër ontwikkeling gehoorsaam en gewend te maak.

Ontdekkingsreise, handelstogte en jagekspediesies het die blankes ook ver oor die grense van die gevestigde kolonisasie gebring. In 1752 het Beutler in opdrag van die regering met 'n groot geselskap tot ver in Kafferland gegaan, en die gegewens wat deur hom versamel is, gee ons alweer 'n goeie insig in die toestand daar. Tot by die Keiskammarivier is Hottentots aangetref, maar die Gonakwas, die verste Hottentotstam, het op 'n goeie voet met die Kosas gelewe, en ons kan ons voorstel dat die verbastering van die twee rasse in hierdie omstreke, waaruit die Goenoekwebe ontstaan het, sy gang gaan. Die Kosas onder hulle opperhoof, Palo, woon tussen die Keiskamma- en die Keiriviere. Af en toe verskyn verspreide klompies selfs by die Visrivier, maar die hoofmag lê nog noord van die Buffelrivier. Palo se kraal was op hierdie rivier, en sy grootseun, Galeka, was naby die mond van die Keirivier gevestig.

Die botsing tussen die koloniste en die Kosas was op hande, want die twee golwe nader mekaar. In 1773 vind Thunberg, 'n geleerde Sweedse reisiger wat ons binneland in verskillende rigtings deurkruis het, en wie se reisbeskrywing ons veel inligting omtrent Suid-Afrika verskaf, verkafferde Gonakwas tot aan die Gamtoosrivier woonagtig. Die Bantoe staan in hierdie tyd reeds op die walle van die Visrivier, en die veeboere met Willem Prinsloo op die noordelike voorpunt was nie ver daarvan verwyder nie. Die verhouding van die blanke pioniers tot hulle nuwe swart bure was voorlopig egter nog betreklik vriendskaplik. Hulle het dikwels op handelstogte Kafferland ingegaan. Die Kommissie van 1769 het b.v. 'n oop wapad van Swellendam daarheen aangetref.

§ 5. Die Uitbreiding vind sy Afsluiting onder 'n Nuwe Goewerneur.

Na die dood van Ryk Tulbagh moes die sekunde, Joachim van Plettenberg, in 'n agerende kapasiteit die leiding oorneem, en in 1774 is hy tot goewerneur aangestel. Die onmoontlikheid om ons geskiedenis stelselmatig, volgens die regeringstye van die goewerneurs in te deel, blyk baie duidelik in sy geval. Sy bewind het oor die jare 1771 — 1785 gestrek, en in hierdie jare val juis die skeiding tussen twee absoluut aparte periodes. Die uitbreiding oor die binneland wat sedert die jaar 1707 die voorflou van ons ontwikkeling was, vind sy afsluiting — voorlopig altans, en 'n nuwe tydperk met nuwe faktore breek aan.

Willem Prinsloo en die ander pioniers op die oosgrens wou, nieteenstaande die herhaalde bevele van die regering, hulle plase langs die Visrivier in die noorde en die Boesmansrivier na die kant van die kus nie verlaat nie. Die Politieke Raad het dus maar weer agteraan gekom, en in Junie 1775 is 'n nuwe oosgrens geproklameer: die Groot Visrivier tot ongeveer waar dié stroom die water van die Klein Visrivier opneem en die Boesmansrivier. Die grensbewoners, honderde myle verwyder van die naaste drosdy, en met 'n nuwe groot gevaar voor hulle, was egter nie meer tevrede met sulke proklamasies van 'n regering wat sy reële administratiewe verantwoordelikhede teenoor hulle wou ontduik en veral daarop uit was om die rekogniesiegeld nie te verloor nie. In Maart 1778 rig hulle, onder die leiding van manne soos Adriaan van Jaarsveld, die geoefende kommandoleier, wat in die tussentyd ook hierheen getrek het, 'n petisie aan die Politieke Raad. Hulle toon daarin, dat hulle hul ingewortelde respek vir maatskaplike orde nog altyd behou het, en dat die Bybel wat in elke trekker se wakies sy plek had, die sedelike grondslag van hulle lewe was. Hulle versoek dat 'n landdros onder hulle gevestig mog word, en dat 'n eie kerk, naby die grens, waaraan natuurlik ook 'n skool sou verbind wees, hulle die lang togte na die boland vir Nagmaal en dié doop van hulle kinders mog bespaar. Die oosgrens kry so 'n nuwe betekenis, en goewerneur Van Plettenberg onderneem teen die end van 1778 'n reis daarheen om die toestand self te ondersoek. 'n Groot geselskap het hom vergesel en daaronder was kaptein Gordon, 'n Skotse offisier in die diens van die Kompanjie, wat deur uitgebreide reise goed bekend was met die binneland. Hy het b.v. in 1777 met die Engelse reisiger, Paterson, oor die Sneeuberge tot by die Grootrivier gegaan. Op 'n latere

reis daarheen in 1779, die keer deur Namakwaland, het hy die naam van die Prins van Oranje daaraan gegee.

Van Plettenberg het oor Tulbagh en deur die Hexrivierkloof die Karo bereik, en oor die onmeetlike vlaktes, in lentedegroen gedos, waar die ruimte die hart in stille eerbied laat oopgaan en die aandson towertonele van lig en skaduwee, goud en purper, teken, het die reisgeselskap verby Spandaukop, wat by Graaff-Reinet wagstaan, eindelijk die Sneeuberge ingetrek. Die goewerneur vind dat die boere hier veel las van die Boesmans het, en hulle herhaal die versoek om 'n landdros, 'n predikant en 'n skool. Hulle sê o.a. dat dit vir hulle baie moeilik val om die miliesieoefeninge op Stellenbosch by te woon. Van Plettenberg sit sy reis voort oor die teenswoordige Colesberg en by die Seekoeirivier rig hy 'n Kompanjiesbaken op. Hier slaan hy 'n suidelike rigting in, en by Willem Prinsloo se plaas ontmoet hy die boere van die Visrivier en Bruintjieshoogte. Hulle beklemtoon ook die versoek van die Sneeubergers, en kla oor die Kaffers wat oor die grens kom en hulle vee steel. Hulle het hier te doen gehad met die regtervleuel van die Bantoe-opmars, nl. die Amagwalistam onder 'n ou hoof Titi, wat by die Katrivier woonagtig was. Van Plettenberg stuur vir Gordon oor die Visrivier om met die Kaffers in verbinding te tree, en Koba, die seun van Titi, keer met hom terug. Onderhandelinge, wat deur 'n kafferdans opgekuister is, het plaasgevind, en Koba het belowe om die Visrivier as die grens te respekteer. Die goewerneur is toe verder langs die stroom af, maar ongeveer waar dit die groot swenking na die ooste maak het hy dit verlaat en na die Boesmansrivier oorgesteek. Hier en verder na die weste tot by die Sondagsrivier is verspreide klompies van die Goenoekwebes en ander grensstamme aangetref, en aan almal is bekendgemaak dat die Visrivier as die skeiding tussen die koloniste en die Kaffers moes beskou word. In die kustreek was reeds 'n aansienlike aantal veeboere by en selfs oorkant die Boesmansrivier, maar hulle, nes die Kaffers in hierdie dele, was nog maar voorlopers. By die Gamtoosrivier het die goewerneur die eerste goeie woning weer gekry. Oos van hierdie stroom tot aan die Boesmansrivier en hoër op langs die Groot Visrivier het die veeboer-pioniers in hulle waens of hartbeehuisies versprei en onbestendig gewoon. In die noorde was die grens tussen hulle en die Kaffers duidelik afgebaken. Dit sou egter gou blyk dat die boloop van die Visrivier, ofskoon deur die Kaffers as grens daar erken, hulle opmars nie sou stuit nie. In die suide was die konflik tussen Boer en Bantoe.

GESKIEDENIS VAN SUID-AFRIKA.

nog duideliker op hande. Van 'n weersyds erkende grens kon hier geen sprake wees nie. In die strokie kusland tussen die Vis- en die Boesmansriviere, wat weldra as die oostelike Suurveld in ons geskiedenis rooi onderstreep sou word, het die voorposte van albei rasse onder mekaar ingevleg, en hier veral sou die stryd tussen hulle sy aanvang neem.

Die eerste algemene botsing het in die jaar 1779 gekom. Ons staan op die drempel van hierdie jaar, want op 27 November 1778 het goewerneur Van Plettenberg van sy lang reis in Kaapstad teruggekeer. Ons kyk terug oor 'n eeu van rustige uitbreiding. Dié tyd is nou verby. Die historiese stroom sal nie meer kalmpies daarheen vloei nie. Magtig aangeswel sal hy in woeste vaart sy koers vat. Stormwolke van uit die groot barbaarse binneland, stormwolke van oor die see uit Amerika en Europa, waar die ou orde in ligtelaaie puinhope in mekaar stort, sal oor ons hemel trek. In rookdamp en krygsrumoer sal 'n nuwe tyd vol van skokke en bruisende hartstog, maar ook vol van nuwe lewe oor die Europese beskawing opgaan, en Suid-Afrika, altyd vasgekoppel aan die lotgevalle van die ou kultuurlande en met sy eie probleme daarby, sal soos gewoonlik sy aandeel aan woeling en stryd nie mis nie.

BOEK IV.

DIE BEGIN VAN DIE REWOLUSIONÊRE TYDPERK. 1779 — 1795.

Die rewolusionêre tydperk, wat in die jare sewentig van die agtiende eeu begin, het eers met die val van Napoleon en die finale oordrag van die Kaap aan Engeland in 1814 sy afsluiting gevind. Ons eerste deel van die geskiedenis van Suid-Afrika sal desnieteenstaande met die jaar 1795 uitloop. Daar is natuurlik nadele aan so 'n indeling verbonde, maar die eerste verowering van die Kaap is 'n gebeurtenis van soveel betekenis, dat ons dit tot die uitgangspunt van ons tweede deel moet maak. Die nuwe faktor tog, nl. die Britse bewind en invloed, sal na 1795 en deur die hele neëntiende eeu vir 'n groot deel die leidraad van ons uiteensetting wees.

In die oorgangsperiode, 1779 — 1795, sal ons slegs die eerste tekens van die nuwe tyd kan sien. Ons sal oplet dat die historiese landskap sy eentonigheid verloor en dramaties-skilderagtig word. Nuwe kragte tree te voorskyn. Nuwe idees, in Europa en Amerika gebore, vind ook hier opname, en die ou maatskaplike, konstitusionele, ekonomiese en godsdienstige begrippe is eindelik weer aangetas. Woeling en stryd heers op allerhande gebiede. Die groot konflik met die Bantoe begin, en van oor die see volg die een skok die ander, totdat eindelik in Suid-Afrika, nes in Europa en Amerika, die "ancien régime" uitgedien en magteloos voor die storm beswyk.

HOOFSTUK I.

DIE EERSTE SKOKKE — EN 'N RUSTYD. 1779 — 1791.

§ 1. Nuwe Idees.

Vanaf die jaar 1779 word die Suid-Afrikaanse geskiedenis deur twee uitstaande faktore gedomineer, — die rewolusionêre invloede uit die buiteland en die botsing met die Bantoe. Die wortels van albei gaan natuurlik ver terug, en om die nuwe oorsese idees, wat ook in Suid-Afrika so 'n groot rol gespeel het te begryp, moet ons ook hulle oorsprong enigsins vervolg.

Vroeg in die agtiende eeu het filosofe en ander geestelike voorligters hulle stemme teen die heersende konvensionele onnatuurlikheid en onvryheid begin verhef. Die koue rasionalisme, die neiging om die menslike verstand tot maatstaf van alles te maak, wat soos ons weet ook 'n kenmerk van die tyd was, het hulle die geleentheid gebied om op die onredelikheid van bestaande instellings en geekte opvattinge te wys, en veral in Frankryk het 'n skool van spotters op die voorgrond getree, wat met staat, kerk en maatskappy die draak gestee het.

In 1721 verskyn die *Persiese Briewe* van die baron De Montesquieu. Die geniale jong Franse edelman laat in hierdie werk 'n ontwikkelde oosterling sy opinie uitspreek oor die westerse beskawing, soos hy dit in Frankryk aantref, en sy bevinding loop uit op 'n vernietigende kritiek van so ongeveer alles wat hy om hom sien. Montesquieu het later die spottrant laat vaar, maar juis in sy ernstige werke het hy met nog meer nadruk en duidelikheid op die noodsaaklikheid van hervorming, veral op konstitusionele gebied, aangedring. 'n Lang verblyf in Engeland het hom tot 'n bewonderaar van die Engelse parlementêre stelsel gemaak, en in sy *L'Esprit des Lois* (die Gees van die Wette) van 1748 het hy 'n konstitusionele teorie opgebou, wat 'n groot rol in die konstitusionele ontwikkeling van die wêreld sou speel en selfs vandag vir ons van betekenis is. Hy het die leer van die drie magte in 'n staat opgestel, en volgens sy opvatting het die Britse en alle konstitusionele vryheid op die absolute skeiding van die drie

magte berus. Die wetgewende, uitvoerende en regterlike magte moes onderling van mekaar onafhanklik wees. Dan sou die een die ander kontroleer en 'n goeie regering sou die gevolg wees. In hierdie skema het die absolute koningskap, soos dit in Frankryk bestaan het, natuurlik nie gepas nie, en dit bevrees ons nie, dat Montesquieu sy boeke in Amsterdam en Genève daat druk het nie.

Voltaire (1694 — 1778), veel beter bekend as sy ewe genoemde tyd- en landgenoot, was die spotgees van die eeu, en die hoë letterkundige gehalte van sy geskrifte, waarin hy met fyne ironie en skitterende vernuf teen die gekunstelde opvattinge en die verouderde instellings van sy tyd te velde trek, het aan sy afbrekende leringe oor die lengte en breedte van die beskaafde wêreld ingang verskaf. Niks was vir hom heilig nie. Ook die godsdiens moes onder sy verskriklike gesel deurloop, en met die woorde: “Écrasez l'infame” (Veeg die skandvlek uit) het hy die vernietiging van die Kerk bepleit. Van hom stam ook die uitroep: Vryheid en Gelykheid! wat later in die rewolusionêre leuse sou opgeneem word, maar Voltaire was nie self ten gunste van gewelddadige omwenteling nie. Hy het meer heil van die verligte despote as van die volksmassas verwag, en dit moet ons dus nie verbaas nie, dat hy 'n groot vriend van Frederik die Grote was en, 'n banneling uit sy eie land, verskeie jare in Sanssouci deurgebring het.

Die sogenaamde Ensiklopediste het ook veel daartoe bygedra om die verset, nie alleen teen konvensionele vooroordeel en onredelike kontrolering nie, maar ook teen alle geloof en gesag aan te wakker. Jean d' Alembert, en Denis Diderot was die leiers van hierdie beweging, en deur die groot Ensiklopedie, wat tussen 1751 en 1780 onder hulle leiding in vyf-en-dertig dele verskyn het, is die nuwe krietiese gees binne en buite Frankryk onder 'n groot publiek versprei.

Onder die eerste medewerkers van d' Alembert en Diderot was Jean Jacques Rousseau. Hy het hom egter van 1757 af teen die Ensiklopediste gewend. Hier was eindelijk 'n man met 'n warm gemoed, wat aan koue rasionalisme en skeptisisme nie genoeg had nie, en hy veral sou die profeet van die nuwe tyd word. Rousseau is in 1712 in Genève gebore. Sy opvoeding was gebrekkig, en sy awentuurlike lewenswyse wat hom van die gunste van ryk vriendinne afhanklik gemaak het, het geen goeie uitwerking op sy karakter gehad nie. In sy omswerwinge in Frankryk en Engeland het hy hom egter op die hoogte van die kultuur van sy tyd gebring, en sy innerlike eerlikheid, sy hartstogtelike geloof aan die evangelie van vryheid en menslik-

heid deur hom verkondig, en sy geniale skryftalent, het hom al dadelik 'n groot en geesdriftige aanhang in Europa en Amerika verskaf.

Die eerste sin in *Emile*, Rousseau se groot opvoedkundige werk, wat in 1762 verskyn het, bevat die grondgedagte van sy hele leer: "Alles is goed soos dit uit die hande van die Skepper kom; alles ontaard in die hande van die mens." Hy veg teen alle onnatuurlikheid en kunsmatige gebondenheid. Hy glo aan die menslike regskaapenheid, die oorspronklike goedheid, van die menslike siel, en hy verwag die heil van die wêreld, wanneer die mense weer geleer het om, soos die natuurvolke, vry, gelyk en broederlik met mekaar op te groei en te verkeer. Of die sogenaamde natuurvolke, d.w.s. die barbare, werklik die Vryheid, Gelykheid en Broederlikheid handhaaf, en of hulle "natuurlikheid" gesonder is as die vermeende "onnatuurlikheid" van die beskawing, is intussen vrae waaroor ons vandag anders dink as Rousseau en sy volgelinge, en ons sal later sien dat ons voorouers in Suid-Afrika aan die end van die agtiende eeu reeds lank van die valsheid van sy leer in hierdie opsig oortuig was. Vir die beskaafde wêreld van sy tyd egter, vir 'n wêreld waarin gekunstelheid, gebondenheid en gevoelloosheid die menslike gees laat inkrimp het, was hy werklik 'n profeet van 'n beter tyd, waarin natuurlikheid, vryheid en menslikheid weer tot hulle reg sou kom.

Rousseau se konstitusionele teorie is in sy *Contrat Social* (1762) uiteengesit. Hy knoop aan by 'n ou idee, nl. dat die volk soewerein is. John Locke b.v., die groot filosoof van die Engelse omwenteling van 1688, het reeds geleer, dat die staat op 'n vrywillige verdrag tussen die regeerders en die volk berus, dat die volk egter sy hoogste soewereine mag, sy natuurlike regte, nooit heeltemal kan prysgee nie, en dat dit dus ook die reg behou om teen 'n slegte regering op te staan. Locke het intussen veel waarde aan 'n goeie en stabiele regering geheg, en hy het gemeen dat daar in die Engelse konstitusie soos dit na 1688 bestaan het, genoeg waarborge vir die vryheid aanwesig was. Vir Rousseau daarenteen was die volksoewereiniteit alles. Die staatsburger kon wel van tyd tot tyd die regeringsmag aan enkeles opdra, maar die volk bly volgens hom in besit van die hoogste outoriteit en kan te eniger tyd sy opdrag aan sy regeerders kanselleer en sy eie soewereine wil deurvoer. Dit klink natuurlik na anargie, maar Rousseau was van oordeel, dat die mens in sy diepste wese goed en onselfsugtig is, en dat 'n staat, waarin vryheid, gelykheid en broederlikheid heers, direk deur die volk goed geregeer kan word.

In ons bespreking van die rewolusionêre idees, wat so in die loop van die agtiende eeu verkondig is, moet ons meer op die konstitusionele sy van die beweging let, maar ons moet daarvan bewus bly, dat die nuwe gees hom ook op ander gebiede laat geld het. In Frankryk ywer Quesnay vir ekonomiese vryheid. Hy wil loskom van alle staatskontroliering van handel en industrie, en sy volgelinge, die Fisiokrate, wat spoedig in die hele Europa kon gevind word, neem tot hulle leuse die geveelde woorde: “*Laissez faire, laissez passer.*” (Laat maak en laat loop). Ook die letterkunde breek die koue bande wat so lank sy vrye vlug belemmer en sy spontane warmte afgekoel het. In Duitsland verrys reeds die reusegestalte van Goethe (1749 — 1832), en in Skotland weergalm die vurige en onbevange liedere van Burns (1759 — 1796), die voorloper van Wordsworth, Coleridge en ander romantiese digters in Engeland.

In Duitsland en Engeland, waar die nuwe gees die heerlikste suiwer-letterkundige vrugte afgewerp het, moet ook die begin gesoek word van 'n groot reaksie teen die koue, formele kerklikheid van die eeu. Die egte warme godsdienstigheid, waar uit in Duitsland die Kerkhervorming gebore is, en wat in die harte van Geuse en Hugenote, van Engelse Puriteine en Skotse “Covenanters,” gebrand het, is natuurlik nooit heeltemal uitgedoof nie. Hoe gevoelloos-dogmaties die offisiële kerke ook mog wees, en hoe koel-rasioneel in intellektuele kringe oor die sogenaamde bygelowigheid van 'n vroeër geslag geargumenteer en gespot is, die kristelike wêreld het nog baie mense opgelewer, wat die innige vroomheid van hulle voorouers bly handhaaf het, en wat hulle knie nie voor die koue redelikheid of oppervlakkige vertoon gebuig het nie.

In Duitsland brei die sogenaamde Piëtiste, by wie die kristelike liefde en opoffering en die gevoelvolle gebedslewe die dogma op die agtergrond laat tree het, hulle invloed onder die volk uit, en in die dorpie Herrnhut, in Saksen, juis in dié dele waar die Kerkhervorming begin het, stig een van hulle leiers, graaf Zinzendorf, in 1722 die eerste “Broedergemeente.” Hier vind ook Protestantse vlugtelingen uit Morawië, waar hulle onder die keiserlike regering van Oostenryk in verbond met die Jesuïete aan vervolging blootgestel was, vriendelike opname. Sending-ywer en vlytige arbeidsaamheid was uitstaande kenmerke van die Herrnhutters, en soos ons in die geval van hulle eerste gesant na Suid-Afrika, Georg Schmidt, reeds gesien het en later weer sal opmerk, het die sogenaamde Morawiese sendelinge in hulle toegewyde uitvoering van die bevel van Kristus: “Gaan

heen en verkondig die Evangelie," met woord en voorbeeld daaraan ook altyd vasgeknop die Evangelie van werk.

In die volksklasse van Engeland (en trouens ook in die van ander lande) was baie geesverwante van die Duitse Piëtiste. Reeds teen die end van die sewentiende eeu gee hulle duidelike blyke van 'n kragtige bestaan. In 1675 skryf die eenvoudige bliklaer, John Bunyan, *The Pilgrim's Progress*, 'n letterkundige meesterstuk en tewens die klassieke uiting van ongekunstelde vroomheid, en in 1682 voer William Penn, 'n leier onder die *Quakers*, wat vir Karel II met bedekte hoof as "Brother Charles" toegespreek het, 'n aantal van sy geloofsgenote oor die see en stig die Amerikaanse kolonie, Pennsylvania. In die begin van die agtiende eeu maak die gevoelsgodsdien, wat uit die Anglikaanse staatskerk byna verban was, sy verskyning onder die studente van Oxford, en uit hulle geledere kom die drie leiers van 'n groot geestelike herlewing, Whitefield en die twee broers, Charles en John Wesley. Die preekgestoeltes van die koue staatskerk was natuurlik vir hulle gesluit, maar in skure en onder die blote hemel het hulle met meeslepende welsprekendheid 'n beroep op die volksmassas gedaan om die kristelike leer in hulle harte en in hulle lewe op te neem, en die heerlike liedere van Charles Wesley, wat daar uit die monde van veragte arbeiders weergalm het, het veel daartoe bygedra om 'n religieuse geesdrif te versprei, waarvoor die koele verstand van die intellektuele kringe eenvoudig verbluf gestaan het. Teen die end van die eeu was daar reeds honderde van Wesleyaanse gemeentes in Engeland en Noord-Amerika, en die Metodisme, soos die nuwe beweging genoem is, het ook onder die Anglikane sy verwarmende invloed uitgestrek.

Die nuwe tyd berei hom so voor. Die verset teen ou afgeleefde stelsels, uit baie en ongelyksoortige bronne gevoed, openbaar hom in verskillende volke, al na hulle aanleg en omstandighede, in 'n groot verskeidenheid van uitingsvorme. Op godsdienstige en algemene kulturele gebied werp hy reeds verkwikende vrugte af, en ons staan ook nou voor sy eerste groot politieke daad, die Amerikaanse Vryheidsoorlog.

§ 2. Die Amerikaanse Vryheidsoorlog.

Met die sluiting van die vrede van Parys in 1763 was daar, behalwe Kanada en sy aanhangsels wat 'n kroonkolonie was, dertien selfregerende Engelse kolonies in Noord-Amerika. New Hampshire, in die noorde op die grens van Quebec, en Georgia, suid van die Savannahrivier, was die twee uiterstes, en tussen

hulle in het die res, breed-uitgestrek tot in die Ohiodal, die hele kustreek bedek. Deur geen ander konstitusionele band as 'n gemeenskaplike koningskap aan mekaar gebind nie, het hierdie kolonies onderling ook baie van mekaar verskil. In die noorde, waar Massachusetts met Boston as hoofstad onder die Puriteinse stigtings, die sogenaamde "New England Colonies," die leiding geneem het, was 'n digte, suiwer Britse bevolking van vissers, kusvaarders en veral klein-grondbesitters, wat hulle plase self bewerk het, woonagtig. Dorpe het veelvuldig voorgekom, en die administratiewe eenheid was die "township." Elke "township" het sy eie huishoudelike sake self gereël en deur vrye volkskeuse sy verteenwoordigers na die Wetgewende Vergaderings, wat soos ons weet in al die kolonies bestaan het, gestuur. In Nu-York was die afstammelinge van die oorspronklike Nederlandse koloniste 'n belangrike onderdeel van die bevolking, en die handelsgees wat die grondslag was van die eerste stigtig aan die mond van die Hudsonrivier, die natuurlike poort na die binneland, het hier sterk voortgeleef. Pennsylvania met sy hoofstad, Philadelphia, deur William Penn gegrondves, het 'n groot ooreenkoms met die "New England Colonies" vertoon; die Kwakers tog was geestelik nou-verwant met die noordelike Puriteine; maar klimaties staan ons reeds op die grens van die suidelike kolonies, en die totaal verskillende ekonomiese basis waarop hulle berus het, kan ook hier gedeeltelik aangetref word. Virginia was die belangrikste suidelike kolonie. Hier was groot-grondbesit die reël. Aristokratiese plantasie-eienaars, wat hulle uitgestrekte tabaklande deur slawe laat bewerk het, gee die toon aan. Dorpe was skaars en die "County," 'n veel groter administratiewe indeling, neem hier die plek van die "township" in.

In die suide met 'n minder demokratiese grondslag, met sy groot plase, die eienaars waarvan in hulle pragtige huise soos Engelse "squires" geleef het, was die band met die moederland sterker as in die noorde; ook omdat die Anglikaanse kerk daar nog baie aanhangers had. Die suidenaar het hom in baie opsigte beter tuis gevoel in Ou- as in Nu-Engeland. Die idee dat hulle teenoor die buiteland 'n eenheid vorm, was nog maar swak ontwikkel in die kolonies. Daar was egter kragte aan die werk wat dié idee moes voed. Al die belangrikste kolonies, by name Virginia, Pennsylvania en Massachusetts, het die Franse uitbreiding as 'n gemeenskaplike gevaar betrag en hulle deel daartoe bygedra om dié gevaar finaal te verwyder. Na die Vrede van Parys in die jare sewentig klim